



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

**WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 214**

Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: 'n strategiese ontleding en scenario analise.

Prof André Duvenhage

Intreerede gehou op 17 Augustus 2007

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Kampusregistrator
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2008 NWU

ISBN 978-1-86822-538-5

PROFESSORALE INTREEREDE
17 Augustus 2007

**Die Suid-Afrikaanse politieke
omgewing: 'n strategiese ontleding
en scenario analise.**

Prof André Duvenhage
Navorsingsdirekteur: Fokusarea 7.2:
Volhoubare Sosiale Ontwikkeling
Noordwes Universiteit
Potchefstroom 2520
Tel: 018 299 1750
Faks: 018 299 1776
E-pos:Andre.Duvenhage@nwu.ac.za

INHOUDSOPGAWE	
1	Inleidende oriëntering 3
2	Metodologiese en konsepsuele vetrekpunte 4
3	Teoretiese raamwerke en vetrekpunte 8
3.1	Die klassieke stelselteorie 8
3.2	Institusionaliseringsteorieë en disfunksionele staatsteorieë 11
3.2.1	Die Huntington se institusionaliseringsteorie 12
3.3	Demokratiseringssteorieë 19
3.4	Die chaos teorie 24
3.5	'n Analitiese raamwerk vir politieke verval 29
3.5.1	Die politiek van gevestigde spelreëls 30
3.5.2	Die politiek van vloeibaarheid 31
3.5.3	Stelselneerstorting 34
3.6	Samevatting van teoretiese perspektiewe vir scenario ontleding 36
3.6.1	Politiese stabiliteit/onstabiliteit (graad van regering) 36
3.6.2	Demokrasieë/demokratiese regering 37
4	Kontekstuele perspektiewe ten opsigte van politieke verandering in Suid-Afrika 37
4.1	Demokratiese politieke transisie 38
4.2	Politiese transformasie (1994 -) 41
5	'n Scenario analise van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing 44
5.1	Veranderlike 1: Regime-dinamika en interaksie 44
5.2	Veranderlike 2: Politiese transformasie en plaaslike regeringdinamika 52
5.3	Veranderlike 3: Politiese ekonomie van Suid Afrika 61
5.4	Veranderlike 4: Menslike en sosiale kapitaal in Suid-Afrika 67
5.5	Veranderlike 5: Eksterne omgewing 74
6	Scenario ontwikkeling: perspektiewe op pad na 2014 76
6.1	SCENARIO 1 (MIDDEL POSISIE) 79
6.1.1	Beskrywing en kontekstualisering 79
6.1.2	Veronderstellings van die scenario 80
6.1.3	Uitkomstes van dié scenario 81
6.2	SCENARIO 2 (DIE SLEGTE SAAK SCENARIO) 82
6.2.1	Beskrywing en kontekstualisering 83
6.2.2	Veronderstellings van die scenario 83
6.2.3	Uitkomstes van die scenario 85
6.3	SCENARIO 3 (BESTE SAAK SCENARIO) 86
6.3.1	Beskrywing en kontekstualisering 86
6.3.2	Veronderstellings van die scenario 87
6.3.3	Uitkomstes van die scenario 88
7	SCENARIO IMPLIKASIES, ONTLEDINGS EN DIE PAD VORENTOE 89
8	Perspektiewe vir Politiese Wetenskap en die Noordwes-Universiteit 95
BIBLIOGRAFIE 98	

DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE OMGEWING: 'N STRATEGIESE ONTLEDING EN SCENARIO ANALISE.

1 Inleidende oriëntering

Waarskynlik die belangrikste taak van 'n Universiteit, is om waarde toe te voeg tot sy omgewing (plaaslik, nasionaal en globaal) deur middel van gehalte onderrig, navorsing (innovasie) en samelewingsdiens / betrokkenheid. Van die politieke wetenskaplike, kan die vraag met reg gevra word of daar waarde vanuit die dissipline tot die politieke omgewing toegevoeg word? Anders gestel, dra Politieke Wetenskap as dissipline in die algemeen, maar in besonder aan die Noordwes Universiteit (NWU), by tot kapasiteitskepping binne die uiters belangrike omgewing? Ten opsigte van NWU met sy besondere klem op waardegedreweheid, word bogenoemde vraagstelling nog meer belangrik. Myns insiens is talle Sosiale Wetenskappe (met inbegrip van die Politieke Wetenskap) in baie opsigte slegs "nice to have" dissiplines. Hierdie perspektief hang waarskynlik saam met wat 'n huidige politikus (en voormalige dosent in Politieke Wetenskappe van 'n ander Universiteit) my onlangs meegedeel het naamlik:

Ek het meer van die praktiese politiek geleer deur Shakespeare se MacBeth te lees eerder as die pakket van politieke wetenskap (en ander) kursusse waarby ek voorgaads en nagraads betrokke was.¹

Hierdie leemte (soos deur hom en andere geïdentifiseer) laat ernstige vrae oor politieke wetenskaplikes se vermoë om die Suid-Afrikaanse politieke omgewing sinvol te verstaan en dienooreenkomstig waarde toe te voeg.² Hierdie toedrag van sake doen egter nie weg met die geweldige behoefte wat bestaan aan politieke geletterdheid en wetenskaplike kundigheid om sodoende waarde tot relevante omgewings en kontekste soos die staats- en openbare sektore; politieke partye; die korporatiewe wêreld; veiligheidsinstellings en die media toe te voeg nie. Dit is veral die studieveld van die politieke verandering wat myns insiens onbevredigend deur politieke wetenskaplikes hanteer word en waar Easton (1967 : 42) se perspektief (na 'n verdere bykans vyftig jaar) steeds geldig is ,naamlik:

¹ Dieselfde politieke wetenskaplike het darem waardering uitgespreek vir die konsepsuele (teoretiese) en kontekstuele vorming wat hy vanuit die dissipline ontvang het.

² Dit sal onbillik wees om alle politieke wetenskaplikes oor dieselfde kam te skeer. Baie sinvolle bydraes het oor die jare vanuit die dissipline waarde toegevoeg tot die groter politieke omgewing. Dit kan egter nie ontken word dat die beeld van politieke wetenskaplikes soms gebrekkig is en dat hul mening / oordeel soms met groot skeptisisme daarbuite bejeën word. Trouens, dit word telkens as slegs nog 'n beskouing of persepsie afgemaak.

...over the last seventy-five years political research has confined itself largely to the study of given conditions to the neglect of political change.

Word hierdie behoefte aan die verstaan van politieke verandering aan die NWU na behore aangespreek in terme van goeie onderrigprogramme, navorsing en samelewingsdiens?

'n Behoefte waarmee ek as akademikus telkens vanuit bogenoemde sektore gekonfronteer word, is vrae soos:

- **Wat is aan die orde binne die veranderende Suid-Afrikaanse politieke omgewing, met verwysing na die samestelling, samehang en dinamiek van sleutelveranderlikes?**
- **Wat hou die toekoms van die Suid-Afrikaanse politiek in? (Die fokuspunte in dié geval is veral politieke stabiliteit/onstabiliteit en die stand van die demokrasie in Suid-Afrika.)**

In die uiteensetting gaan daar gepoog word om antwoorde op bogenoemde vrae te verskaf. Hierdie antwoorde moet egter in 'n meta sin geplaas word teen die agtergrond van die behoeftestelling van hoe kan Politieke Wetenskap as dissipline aan NWU sinvol waarde toevoeg tot sy omgewing deur middel van kwaliteitsonderrig, navorsing en samelewingsdiens.

Komponente van hierdie aanbieding sluit in:

- Metodologiese en konsepsuele vertrekpunte.
- Teoretiese raamwerke en vertrekpunte.
- Kontekstuele perspektiewe ten opsigte van politieke verandering in Suid Afrika.
- Scenario analise:
- Veranderlikes en projeksies.
 - o 'n Seleksie van alternatiewe toekomste (scenario's).
- Scenario-ontwikkeling.
- Implikasies van scenario-ontledings en die pad vorentoe.
- Perspektiewe vir Politieke Wetenskap en NWU.

2 Metodologiese en konsepsuele vetrekpunte

In sy werke *Future Shock* (1968), *Third Wave* (1975) en *Power Shift – knowledge, wealth and violence at the edge of the 21st century* (1990), beklemtoon Alvin Toffler dat fundamentele verandering op elke terrein van die samelewing noodsaaklik en onafwendbaar is. Hy (1990: 3 – 4) wys daarop dat:

For this is the dawn of the Power Shift Era. We live at a moment when the entire structure of power that held the world together is now disintegrating. A radically different structure of power is taking form. And this is happening at every level of human society.

In the office, in the supermarket, at the bank, in the executive suite, in our churches, hospitals, schools and homes, old patterns of power are fracturing along new lines. Campuses are stirring from Berkeley to Rome and Taipei, preparing to explode. Ethnic and racial clashes are multiplying... Power is shifting at so astonishing a rate that world leaders are being swept along by events, rather than imposing order on them... There is strong reason to believe that the forces now shaking power at every level of the human system will become more intense and pervasive in the years immediately ahead... A "power shift" does not merely transfer power. It transforms it.

Fundamentele verandering beteken onsekerhede en risiko's met onvoorspelbare uitkomstes wat polities gesproke bestuur moet word. Dit is die uitdaging waarvoor staatsleiers en politici wêreldwyd te staan kom en wat besondere uitdagings stel aan leiers in die postapartheid politieke omgewing waar daar intens met bogenoemde problematiek geworstel word. In belangrike opsigte gaan politieke besluite van 2007 'n belangrike impak hê op die toekoms van die Suid-Afrikaanse politiek. **Kan politieke wetenskaplikes bydra om antwoorde te vind en dus waarde toe te voeg ten opsigte van hierdie problematiek?**

Wilkenson (2007: 1) vat bogenoemde probleem goed saam met die volgende stelling:

We look out into the future, trying our best to make wise decisions, only to find ourselves staring into the teeth of ferocious and widespread uncertainties.

Hoe moet daar strategies bestuur en beplan word in 'n politieke omgewing waar alles verander en waar veranderlikes mekaar wedersyds beïnvloed om self nog groter onsekerheid te veroorsaak? In terme van my aanvanklike vraagstelling sou die probleemstelling só gefokus kon word:


- **Wat is die sleutel determinante van politieke verandering binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing in terme van samestelling (kompleksiteit) en samehang?**
- **Wat is die implikasies van bogenoemde vir die toekoms van politieke stabiliteit (degree of government) en demokrasie (form of government)?**

Metodologies kan bogenoemde probleem ten beste hanteer word deur van scenario-tegnieke (scenario ontwikkeling en beplanning) gebruik te maak. *Wilkenson (2007: 2)* vat die kern van hierdie benadering soos volg saam:

Scenario planning derives from the observation that, given the impossibility of knowing precisely how the future will play out, a good decision or strategy to adopt is one that plays out well across several possible futures.

Hoewel skrywers soos Hough 'n groot verskeidenheid (tipologie) scenario's identifiseer, is 'n eenvoudige klassifikasie een wat enersyds onderskei tussen makro (groot konteks) en mikro (gefokusde) scenario's en andersyds tussen normatiewe (ideaal-tipies) en strategiese (wat realities vermag kan word) scenario's. Skematies kan die onderskeid soos volg voorgestel word:

Diagram 1



Vir doeleindes van hierdie dokument word daar van 'n makro-strategiese scenario ontleding gebruik gemaak. Hiervolgens kan sodanige scenario (makro-strategies) voorgelou word as die **identifisering, ontwikkeling en formulering van 'n stel verbandhoudende makro veranderlikes wat feitelik (data en statisties gewys) gerekonstrueer word, waarvandaan daar dan tendense geprojekteer en sleutelveranderlikes verdiskonteer word ten einde realities opsionele toekoms (verhale) uit te spel.**

(Vergelyk ook *Duvenhage, 2005B: 22* vir 'n soortgelyke konsepsualisering). Die toekoms kan nooit presies bepaal word nie maar wel die rigting wat makro-veranderlikes aandui. Hierdeur word groter duidelikheid verkry oor die rigting en waarskynlike uitkoms van die veranderingsproses.

Die Toffleriaanse perspektief (1990:xxi) word hier as vertrekpunt geneem naamlik:

*Statistics change. New technologies supplant older ones.
Political leaders rise and fall. Nevertheless, as we advance
into the terra incognita of tomorrow, it is better to have a
general and incomplete map, subject to revision and
correction than to have no map at all.*

Die metodologiese raamwerk wat gebruik word om strategiese scenario's te ontwikkel is baie kompleks en kan nie hier volledig bespreek word nie. Kern stappe binne die groter metodologiese raamwerk sluit in: 'n **taak ontleding; die identifisering van invloed areas (areas of influence) en die finalisering van alternatiewe 'toekomsverhale'; die identifisering van die gevolge (uitkomste) van bepaalde scenario's; 'n ontleding van ontwrigtende kragte wat scenario logikas kan verander;** en die gereelde opdatering/hersiening van scenario's. (Vergelyk *Duvenhage 2005:184-195* vir meer volledige besonderhede oor die detail van die metodologiese raamwerk.)

Konsepte wat binne hierdie metodologie gebruik word, is **tendense** (patroonmatigheede wat voorspelbaar is); **gebeurtenisse** (eenmalig en meestal onvoorspelbaar); **tendens breuke** ('n patroonmatigheid wat skielik verander); **veranderlikes** (faktore met 'n gebrek aan konsekwentheid); **onsekerhede** (faktore waarvan die uitkoms onseker of moeilik voorspelbaar is) en **kousaliteit** (oorsaak - gevolg relasies).

Kousaliteit wat veral aangetref word in (kousale) teorieë, is belangrike instrumente wat gebruik kan word om te voorspel aangesien voorspelling as 'n kernfunksie van teorieë beskou kan word. 'n Sterk en soliede teoretiese basis (meestal 'n teoretiese pluralisme met 'n transdissiplinêre strekking) word ingespan in beide 'n makro sin (geheelfokus) of 'n meso-mikro sin (binne areas van geïdentifiseerde invloed) om die epistemologiese grondslag van scenario uitkomstes te verstewig. In hierdie verband is 'n strategiese scenario niks anders as die daarstelling van 'n stuk teoretiese gereedskap waarin veranderlikes ontleed word, oorsaak-gevolg relasies vasgestel word en alternatiewe uitkomstes (tentatief van aard) gemaak word. Dit is daarom belangrik dat makro teoretiese raamwerke wat lig kan werp op die twee sleutelkwessies (die vrae wat aanvanklik geïdentifiseer is), kortliks gerekonstrueer word.

3 Teoretiese raamwerke en vertrepunte

Op 'n makro-teoretiese vlak kan verskillende teoretiese raamwerke lig werp op die komplekse samestelling en samehang van faktore (voorgestel as determinante vir verandering) en die implikasies hiervan vir beide politieke stabiliteit/onstabiliteit en die stand van die demokrasie in Suid-Afrika. 'n Volledige rekonstruksie kan nie hier gemaak word nie en daar word volstaan met bondige rekonstruksies (soms diagrammatiese voorstellings) van die belangrikste teoretiese konstruksie ondersteunend tot die scenario-ontleding. Teoretiese raamwerke waarop daar gekonsentreer gaan word, sluit in:

- Die klasieke stelselteorie.
- Institutionaliseringsteorieë en disfunksionele staatsteorieë.
- Demokratiseringsteorieë.
- Die chaos teorie.
- 'n Analitiese raamwerk vir politieke verval.

3.1 Die klassieke stelselteorie

Hierdie teoretiese raamwerk soos ontwikkel deur *Easton* (1965; 1965a; 1967) en waarop daar voortgebou is in terme van die struktuur - funksionalisme (*Almond en Powell*) beklemtoon dat
*(p)olitical life constitutes a concrete political system
which is an aspect of the whole system
(Easton 1967:97).*

Vanuit hierdie perspektief word daar gepoog om die politieke verandering binne die raamwerk van "n stelsel" of "sisteem" te verklaar en waarin ekwilibrium (die vermoë van die stelsel om die omgewingseise te hanteer en kritieke balanse of ewewig te verseker) veronderstel word.


Die voortbestaan en behoud van die stelsel is afhanklik van die herstel van die ekwilibrium. Andersom gestel, die onvermoë van die stelsel om die omgewing en eise afkomstig vanuit die omgewing doelmatig te hanteer, kan in die ekstreem tot die opskorting van die stelsel lei. Politieke stabiliteit/onstabiliteit word hiervolgens bepaal deur die aard van die wisselwerking tussen die stelsel en sy omgewing. *Ake* (1974: 586-587) vat dit so saam:

Political stability is the regularity of the flow of political exchanges. To the extent that the flow of political exchanges is irregular, the political system is unstable; to the extent that it is regular, the system is stable. A political system is stable insofar as political actors proceed as usual - that is, confine their choice of political behavior to the general limits imposed by role expectations of political interaction. Political destabilizing acts are irregular exchanges; all acts which are not irregular exchanges are

politically stabilizing. The irregular exchange is defined ex post facto from the knowledge of a political system or, what is the same thing, a particular system of political exchanges.

Skematies kan die perspektief so voorgestel word:

Diagram 2



'n Eenvoudige rekonstruksie van Easton se stelselperspektief.

Verskeie teoretici waaronder *Eisenstadt* (1964: 235), *Bill en Hardgrave* (1970: 82); *Ball* (1983: 13) en *Young* (1968:37-48) het ernstige voorbehoude uitgespreek oor die stelselteorie en sy vermoë om veral onstabiele (disekwilibrium) verandering suksesvol te verklaar. *Merkl* (1977: xvii) vat dié probleem so saam:

...*(I)t is very important that the comparative study of politics not permit itself to be locked exclusively into a stability oriented systems framework. Just as actual systems are capable of changing back and forth from stable order to revolutionary transformations, the conceptual framework of the political scientist has to be able to accommodate all the varieties of political reality.*

Hierdie kritiek is gegrond en die waarde van hierdie teorie is baie beperk vir die verstaan van die tipe verandering waarna *Talcott Parsons* (1951: 480) verwys as - *the processes of change of social systems as systems* – die tipe verandering wat vroeër deur *Toffler* (1990) beskryf is en wat so kenmerkend is van die Suid-Afrikaanse politieke verandering in die huidige tydsgewrig. Nietemin is hierdie teoretiese beskouing baie bruikbaar vir die konseptualisering van politieke stabiliteit en die voorstelling van 'n stelsel (en dus stelselstabiliteit) in 'n normatiewe sin.

Teoretiese relasies belangrik vir scenario ontleding
<ul style="list-style-type: none"> • Stelselstabiliteit/onstabieleit is gelyk aan die vermoë/ onvermoë van die stelsel om omgewingseise doelmatig te kan hanteer

Hierdie teorie het egter die grondslag gelê vir ander teorieë met betrekking tot institusionalisering en demokratisering wat hierop voortgebou het en uiters bruikbaar is vir die verstaan van politieke verandering in Suid-Afrika sedert 1994.

3.2 Institusionaliseringsteorieë en disfunksionele staatsteorieë

Hoewel nie uitsluitlik nie, kan hierdie teoretiese beskouing veral verbind word aan die bydrae van *S.P. Huntington* met sy bekende werk *Political order in changing societies* wat in 1968 verskyn het³. Teorieë wat die disfunksionaliteit van die state beklemtoon (*soft states; weak states; collapsed states*) soos voorgestel deur onder meer *Migdal en*

³ Ander bydraes wat binne hierdie raamwerk geplaas kan word sluit in *Zolberg* (1966) *Pye* (1966) *Binder et al.* (1971). Hierdie bydraes soos die van *Huntington* plaas 'n groter premie op orde, stabiliteit, en sekuriteit as dominante politieke waardes en openbaar 'n groter sensitiwiteit vir die rol van politieke instellings in die samelewing.

Zartman kan ook aan hierdie breër tradisie verbind word. Vir die doeleindes van die studie word twee denkyne beklemtoon te wete:

- Huntington se institusionaliseringsteorie.
- Teorieë wat fokus op die disfunksionaliteit van state.


3.2.1 Die Huntington se institusionaliseringsteorie⁴

Met uitgangspunt dat '*degree of government*' (institusionalisering) belangriker is as '*form of government*' (demokratiese vs. nie-demokratiese regeringsvorme) val die fokus vir Huntington (1968: 1-8) op daardie faktore wat politieke institusionalisering en politieke stabiliteit inhibeer en sodoende bydra tot patrone van politieke verval.

Skematies kan sy denke soos volg opsommend gerekonstrueer word:

⁴ Hierdie teoretiese raamwerk is baie kompleks en volledige besonderhede kan gevind word in Duvenhage (1995:146-173;223-237;278-302)

Diagram 3



Die Huntington verklaring vir die politieke ontwikkeling/verval as voorbeeld van 'n kousale teorie uiteengesit in dialektiese terme.

Die kernveranderlike (oorsaak-gevolg relasie) wat binne hierdie teoretiese raamwerk beklemtoon word, is die **relasie tussen politieke deelname en politieke institusionalisering** wat afhangend van die aard van die relasie politieke stabiliteit of politieke onstabiliteit (politieke verval in terme van praetorianisme of selfs rewolusie) beklemtoon. Drie aspekte is van belang met die oog op die scenario-ontleding te wete die betekenis van **politieke institusionalisering, rewolusie, en praetoriaanse samelewingstoestande**.

Vlakke van institusionalisering (ooreenkomstig die denke) word bepaal deur die **graad van ondersteuning** (demokraties of nie - demokraties) wat bestaan vir die betrokke instelling (of staat) asook die funksionaliteit hiervan soos gemeet in terme van aanpasbaarheid, outonomie, kompleksiteit asook eenheid en samehang (*Huntington, 1968: 13-24*).

Vir 'n instelling om geïnstusionaliseer te wees moet dit dus beide ondersteuning (legitimiteit) hê en ook oor 'n funksionele vermoë beskik. Die party en partystrukture is hier van besondere waarde om suksesvolle politieke institusionalisering te verseker (*Huntington, 1968: 137;144;402;433-461*). In hierdie verband is die rol van die party van kritieke belang in terme van die handhawing van politieke stabiliteit (Vergelyk ook *Duvenhage, 1995: 237-240*).

'n **Rewolusie** ooreenkomstig hierdie denkpatroon, is niks anders nie as 'n **'ontploffing' van politieke deelname** wat gepaardgaan met die onvermoë van die politieke stelsel om hierdie deelname (teweeg bringend deur snelle mobilisering) institusioneel te akkommodeer.

Met **praetoriaanse samelewingstoestande** word bedoel:

...a society which lacks law, authority, cohesion and discipline and consensus, where private interests dominate public ones, where in short political institutions are weak and social forces strong (Huntington 1965: 146).

Praetoriaanse samelewingstoestande word gekenmerk aan hoë vlakke van politieke deelname en lae vlakke van institusionalisering wat tot politieke onstabiliteit en selfs politieke verval kan lei en in skerp kontras staan met die sogenaamde 'civic society' (burgerlike samelewing), waar hoë vlakke van sowel deelname as politieke institusionalisering ekwilibrium herstel en in die hand werk. 'n Belangrike kenmerk van praetoriaanse samelewingstoestande is die betrokkenheid van militêre instellings op die terrein van politiek - dikwels om orde, stabiliteit en 'n vorm van ekwilibrium te herstel en in stand te hou. In hierdie opsig beskryf *Huntington (1968: 225; 232-3)* militêre instellings as:

The guardians and perhaps the purifiers of the existing order..., en verder The guardian role of the military is based on the premise that the causes of military intervention arise

from a temporary and extraordinary disruption of the political system.

Radikale praetorianisme (politieke onstabiliteit in stede) en massa praetorianisme (politieke onstabiliteit in die landelike en stedelike areas) kan dien as voorlopers tot rewolusie.

Onder praetoriaanse samelewingstoestande is dit volgens *Huntington(1968)* moontlik dat die militêre instellings destelseleienskappe (politieke onstabiliteit) binne die konteks van politieke verval kan teëwerk deur 'n nuwe politieke orde te help insieer. Militêre instellings het in die verlede die funksie vervul om van korrupte regerings en diktature ontslae te raak en het in die opsig die weg gebaan vir politieke stabiliteit en selfs demokratiese verkiesings en burgerlike regerings. In hierdie opsig kan militêre inmenging (intervensie) dus bydra as teenvoeter vir politieke onstabiliteit en politieke verval.

Verskillende potensiele rolle word selfs vir die weermag as institusiebouer in die vooruitsig gestel en histories gemotiveer byvoorbeeld:


- Die Aramburu-opsie (neem politieke mag oor, gee die mag terug en beperk dit).
- Die Gurzel-opsie (neem politieke mag oor, gee die mag terug en brei dit dan uit).
- Die Castello Branco-opsie (politieke mag word oorgeneem, deur militêre instellings beheer en beperkings op politieke deelname van ander geplaas).
- Die Peron-opsie (politieke mag word oorgeneem, die militêre leier stig 'n politieke party en behou mag in terme van demokratiese prosesse).

Huntington (1968:239, 242-243) plaas die bogenoemde militêre intervensies in die volgende perspektief:

*"Colonels can run a government; students and monks cannot." "Unlike a charismatic leader or the leader of a particular social force, the military leaders do not face an insoluble dilemma in the development of political institutions. As a group, the military junta can retain power at the same time that they institutionalize it...They can in a sense, convert military **intervention** in politics into **military participation** in politics."*

Skematies kan praetorianisme binne dichotomie van politieke stabiliteit teenoor politieke onstabiliteit soos volg voorgestel word:

Diagram 4



- Militêre intervensie in die domein van politiek is moontlik.
- Politisering van sosiale magte (Praetorian society)
- Nie-demokratiese kenmerke
- Lae vlakke van institusionalisering
- Hoë potensiaal vir konflik en geweld.

- Normale burgerlik-militêre verhoudings
- Differensiasie tussen burgerlike en openbare – politieke sisteme.
- 'n Demokratiese bedeling
- Hoë vlakke van institusionalisering
- 'n Laer potensiaal vir konflik en geweld

Praetorianisme en die militêre omgewing as stelselbouer.

Teoretiese relasies belangrik vir scenario ontleding
<ul style="list-style-type: none"> Die graad van regering (politieke stabiliteit/onstabiliteit) is meer belangrik as die vorm van regering (demokrasie/nie-demokrasie).
<ul style="list-style-type: none"> Politieke stabiliteit/onstabiliteit word direk bepaal deur die verhouding tussen politieke deelname en politieke institusionalisering.
<ul style="list-style-type: none"> Politieke deelname verwys na die vlakke van politieke mobilisasie.
<ul style="list-style-type: none"> Politieke institusionalisering word bepaal deur: <ul style="list-style-type: none"> Die mate van ondersteuning (legitimiteit) wat dit geniet. Funksionaliteit (aanpasbaarheid; kompleksiteit; outonomie; en eenheid en samehang).
<ul style="list-style-type: none"> Die politieke party is 'n belangrike voertuig vir suksesvolle politieke institusionalisering en dus politieke stabiliteit.
<ul style="list-style-type: none"> 'n Rewolusie is 'n ontploffing van politieke deelname wat 'n bestaande stelsel kan vernietig.
<ul style="list-style-type: none"> Praetorianisme ('n vorm van politieke verval) verwys na omstandighede waar vlakke van politieke deelname die institusionele vermoëns van die staat oorskry en veiligheids instellings soos die weermag politieke beheer kan laat oorneem - soms net tydelik. Militêre intervensie kan in hierdie opsig in belang wees van politieke institusionalisering en in die besonder die herstel van wet en orde.

Teoretiese denke wat aansluit by die van S.P. Huntington is perspektiewe wat fokus op die disfunksionaliteit van state wat vervolgens die aandag verdien

3.2.1.1 Disfunksionele state

Die *Weberiaanse* denkpatroon (1964: 15) stel 'n sterk staat voor as :

An organisation composed of numerous agencies led and coordinated by the state's leadership (executive authority) that has the ability to make and implement rules for all the people as well as the parameters of rulemaking for other social organizations in a given territory using force if necessary to have its way .

Kriteria wat ooreenkomstig die beskouing betekenis het, sluit in: die handhawing van soewereiniteit binne 'n gegewe staatsterritorium; die doelmatige ontwikkeling en aanwending van hulpbronne; die daarstelling en instandhouding van die nodige kapasiteite vir die lewering van noodsaaklike dienste; en die kriteria wat ontleen word van aspekte wat met goeie regering verband hou. Disfunksionaliteit tree na vore wanneer state probleme ervaar ten opsigte van een of meer van die volgende kriteria:

- **Politieke beheer van die staatsterritorium.**
- **Toesig (nie noodwendig beheer nie) oor nasionale hulpbronne.**
- **Kapasiteite ten opsigte van belastingheffings en invordering.**
- **Die ontwikkeling, uitbouing en instandhouding van infrastruktuur.**
- **Onvermoëns ten opsigte van dienslewering.**

- **Probleme ten opsigte van instandhouding van praktyke soos geassosieer met goeie regering en administrasie.**
(Vergelyk Mazrui 1995: 28)

Disfunksionele state kan in drie analitiese kategorieë verdeel word naamlik:

- "Soft states" (Sagte state).
- "Weak states" (Swak state).
- "Collapsed states" (Ingeplofde-, gefaalde-, geknakte-, mislukte state)
(Vergelyk Geldenhuys, 1999: 38-46)

Sagte state word gekenmerk aan die bestaan van sterk institusionele raamwerke maar wat 'sag' is in terme van die toepassing van die wet met betrekking tot sake soos korrupsie en grensbeheer. (Veral korrupsie word in die literatuur uitgesonder as 'n tipiese kenmerk van sagte state). **Swak state** daarenteen word gekenmerk aan 'n beperkte vermoë om politieke spelreëls af te dwing en daardie instelling te wees wat soewerein is soos gemeet in terme van die vermoë om waardes gesaghebbend toe te wys. 'n Swakstaatsdinamika dui op 'n beperkte vermoë om sosiale beheer uit te oefen wat volgens Migdal (1988: 4) neerkom op 'n beperkte vermoë (of selfs 'n onvermoë) om die samelewing of segmente daarvan binne te dring, sosiale verhoudings te reguleer en menslike hulpbronne te ontgin en doelmatig in belang van die hele samelewing aan te wend. Hierdie state beskik oor "juridiese staatskap" maar is gebrekkig in terme van "empiriese staatskap" (Geldenhuys, 1999: 44). Intern-gegenereerde bedreigings is 'n sleutelprobleem binne swak state. Suksesvolle sosiale beheer (dit wat ontbreek by swak state) word veral gemeet aan drie indikatore, naamlik:

- Inskiklikheid (compliance).
- Mate van politieke deelname (konstruktiewe betrokkenheid).
- Legitimiteit (die aanvaarding van politieke reëls, wetgewing, ens.).

Migdal (1988: 40) vat die probleem van talle swak state so saam:
(W)here an environment of conflict persists, states have been at loggerheads with kinship and ethnic groups and others. Each has struggled to establish the currency of social control in what its leaders consider its domain, each has offered the wherewithal for people's strategies of survival.

Hy (1988: 214 – 226) gaan sover om die volgende politieke kenmerke van die swakstaatsdinamika te beklemtoon, naamlik:

- Reshuffling (Balanseertoertjies die konstante

- herposisionering van politieke magte en kragte om ekwilibrium te verseker).
- "Dirty tricks" (die ondermyning van opposisie en politieke opponente).
- "Non-merit appointments" ("cadre deployments" en aanstellings met 'n neo-patrimoniale verband).

Ingeplofde state ("collapsed states") word deur *Zartman (1995: 1-8)* beskryf as 'n "*degenerative disease*" wat oor 'n lang termyn plaasvind en die volgende kenmerke na die oppervlak bring :

- Die aanwesigheid van politieke akteurs anders as die staat wat waardes in eie reg as gesaghebbend toewys (byvoorbeeld vigilante organisasies, krygshere ens.).
- Verlies aan beheer van die sentrale regering oor die staatsterritorium.
- 'n Disfunksionele owerheid met 'n onvermoë om besluite te neem en waardes gesaghebbend toe te wys.
- Die praktyk van "*defensive politics*" om konflikterende groepe sover as moontlik stabiel te hou.
- Staatsagentskappe soos die weermag en polisie wat die reg in eie hande neem (institusionele vigilantisme).(Vergelyk *Zartman, 1995: 10*).

Analitiese kategorieë ten opsigte van staatsdisfunktionaliteit belangrik vir hierdie scenario ontleding	
• Sagte state	• Verdraagsaam ten opsigte van korrupsie en grensbeheer.
• Swak state	• Kompeteer met ander magsbasse binne die samelewing vir die gesaghebbende toewysing van waardes (kenmerke: balanseertoertjies, nie-meriete aanstellings en "dirty tricks"!)
• Ingeplofde state	• Staat verloor beheer oor staatsterritorium met ander politieke magsbasse wat beheer neem byvoorbeeld krygshere, vigilantegroepes, ens. Hier is sprake van 'n gefragmenteerde soewereiniteit.

Sedert die sewentigerjare het teorieë met 'n steek demokratiese oriëntasie op die voorgrond getree om regering en regime transisies te verstaan. Hieraan word vervolgens aandag gegee aangesien dit insig bied in politieke verandering in Suid-Afrika.

3.3 Demokratiseringssteorieë

In die literatuur word twee kategorieë demokratiseringssteorieë aangebef, te wete:

- Teorieë wat voorvereistes in terme van samelewingskondisies beklemtoon en wat demokratisering in die hand werk.(oorsaak→gevolg relasies)
 - Teorieë wat demokratiseringsprosesse verbind aan kombinasies van prosesgerigte strategiese besluitneming, politieke omgewingsfaktore, ekonomiese drukfaktore en soms politieke intervensie wat die terrein vir demokratisering voorberei.
- (Vergelyk *Duvenhage, 1995: 109-133*)

Beide teoretiese invalshoeke het waarde vir die voorgestelde scenario analise en word daarom kortliks gerekonstrueer. Eersgenoemde of te wel die **demokratiese deterministe** beklemtoon samelewingskondisies soos sosiale gelykheid (*Alexis de Tocqueville*), 'n gevestigde middelklas (*Barrington Moore*), pluralisme (*Rudolph en Rudolph*), deelnemerskultuur (*Almond en Verba*), nasiewording (*Binder et al.*) en sosio-ekonomiese faktore (*Tönnies, Lipset, Lerner, Apter.*) as instrumenteel tot die daarstelling en ontwikkeling van stabiele demokrasieë. In die meeste gevalle het die eerste en tweede demokratiseringsgolwe (onderskeidelik 1776-1919; 1945-1966) die historiese konteks gevorm vir die ontwikkeling van hierdie teoretiese raamwerke. Die derde demokratiseringsgolf (na 1975 en waaraan Suid-Afrika deel gehad het) het egter gewys dat die aanwesigheid van bogenoemde kondisies nie noodwendig deurslaggewend in demokratisering is nie en het sodoende die weg gebaan vir nuwe denke met betrekking tot dié verskynsel.

Kontemporêre demokratiseringsdenkers (laasgenoemde kategorie) se perspektief word deur *Schmitter en O'Donnel (1988: 70)* beskryf in terme van:

The extraordinary uncertainty of the transition with its numerous surprises and difficult dilemmas en verder Political democracy ...usually emerges from a non linear highly uncertain, and imminently reversible process (1988:70).

Volgens hierdie denkpatroon kan demokratisering moontlik wees sonder dat bepaalde voorvereistes nagekom is waarvan die derde demokratiseringsgolf baie getuienis gelewer het. [Die groot getal Afrika state wat tussen 1991 en 1995 veelparty verkiesings gehad het beklemtoon hierdie toedrag van sake (Vergelyk *Duvenhage, 1998A: 6*)]. Hierdie denklyn beklemtoon egter dat demokratiese konsolidasie (of te wel stabiele demokrasieë) nie noodwendig 'n uitkoms van hierdie vorm van demokratisering is nie.

Binne laasgenoemde denkraamwerk kan verskeie modusse geïdentifiseer word waarvolgens demokratisering tydens die derde demokratiseringsgolf voltrek is, te wete:

- Transformasie (Reforma/ hervorming).

- | | | |
|---|-------------------|---|
| - | Regime vervanging | (Ruptura; regime replacement or breakdown). |
| - | Magsdeling | (Ruptforma; transplacement; pakt). |
| - | Imposisie | (Eksterne druk en intervensie). |

Anders as **transformasie** waar die regering beheer behou tydens demokratisering word die mag met **regime vervanging** aan die opposisie afgestaan. Tydens **magsdeling**, die modus wat van toepassing is op die Suid-Afrikaanse politieke transisie, word demokratisering gekenmerk aan 'n onderhandelde skikking tussen konflikerende belangegroepes. [Vergelyk *Huntington, (1991: 109-163)* vir 'n klassifisering van modusse vir demokratisering]. Laasgenoemde modus is van besondere belang vir die verstaan van die Suid-Afrikaanse konteks en word gevolglik in groter detail hanteer.

Vir magsdeling as demokratiseringsmodus word 'n relatiewe gelyke akteursterkte veronderstel of minstens die onvermoë van die een dominante akteur om die ander prominente akteurs heeltemal te oorheers. Trouens, *Huntington (1991: 160)* argumenteer dat dit in die belang van die suksesvolle ontplooiing van hierdie modus is dat opponerende akteurs hande neem om mekaar se saak te sterk. Algemeen gesproke kan daar vier onderskeibare fases binne hierdie betrokke modus geïdentifiseer word. Die *eerste fase* het betrekking op **liberaliseringstendense** en pogings tot die legitimering van nie – demokratiese regimes deur groter politieke, sosiale en ekonomiese vryhede toe te laat. Die *tweede fase* is die identifisering van **swakhede in die regering** en die **mobilisasie van opposisiesteun** pogings om die bestaande bewind op die agtervoet te dwing. Die *derde fase* lei die **mobilisering van opposisiesteun** tot sterk optrede deur die regering en word die opposisie aan bande gelê. *Vierdens* tree daar vanuit 'n **skaakmatsituasie** onderhandeling en gesamentlike besluitneming na vore wat lei tot 'n politieke skikking van een of ander aard. *Huntington (1991: 153-163)* motiveer hierdie betrokke ontwikkelingspatroon deur na gevallestudies in Pole, Uruguay, Chili en Korea te verwys. Spesifieke melding word gemaak van Suid-Afrika wat in 1990 midde-in sodanige proses gestaan het. Die onderskeie fases van liberalisering, konsolidering van opposisiemagte, die onderdrukking van die opposisie en die uiteindelijke onderhandeling word teen die agtergrond van die resente Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis uitgespel.

Binne hierdie kontemporêre denkparadigma oor demokratisering bestaan daar onsekerheid oor of nuwe demokrasieë suksesvol gaan

institusioneer (konsolideer) al dan nie. Rustow (1970: 346) het vroeër reeds opgemerk dat:

The factors that keep a democracy stable may not be the ones that brought it into existence: explanations of democracy must distinguish between function and genesis.

In die verband wys Przeworski (1988: 58-60) ook daarop dat die proses waardeur 'n demokrasie tot stand kom op die institusioneering van onsekerheid ("uncertainty") neerkom met as implikasie dat 'n stabiele proses na afloop van die realisering van die demokratiese ideaal telkens moeilik bereik word en nuwe risiko's, eise en verwagtinge verreken moet word met inbegrip van staatsgrepe, rewolusies en geweld (waar van toepassing). Dus, 'n nuwe demokrasie impliseer nie noodwendig 'n substantiewe kompromis nie, dit wil sê dit impliseer die einde van die demokratiseringspad nie. (Vergelyk Przeworski: 1988: 56-60). Trouens, onsekerheid, politieke onstabiliteit en geweld is 'n groot moontlikheid wanneer demokratiese praktyke geïnstitusioneer word. Die volgende diagrammatiese voorstelling (Diagram 5) poog om die veranderlikes van demokratisering ("form of government") en politieke stabiliteit ("degree of government") met mekaar in verband te bring ten einde die status van 'n nuwe demokratiese bedeling (soos die een in Suid- Afrika) te kan bepaal:

Opsie 1

ROETE VAN POTENSIELE VERANDERINGS

Nie-demokratiese, nie-geïnstitutionaliseerde bedelings

- * Patrone van politieke onstabieleit en praetorianisme is prominent. (Probleme met "degree of Government").
- * Vorme van politieke onstabieleit: burgeroorlog; staatsgrepe; rewolusies en burgerlike verset word hier aangetref.
- * 'n Neopremordiale regime logika met klem op oorlewings-politiek.
- * Politiek is Hobbesiaans en Darwinisties.

Nie-geïnstitutionaliseerde demokrasieë (Status Quo)

- * Nuwe demokrasieë.
- * Geen tradisie van demokratiese regeringswisseling nie.
- * Demokrasie moet nog konsolideer.
- * Demokrasie nog nie as funksioneel bewys nie.

Opsie 2

Opsie 3

Geïnstitutionaliseerde nie-demokratiese bedelings (Pseudo-demokrasieë; "delegative democracies")

- * State waar veelparty verkiesings voorgekom het. 'n Demokratiese tradisie (prosedure) van regerings-wisseling is afwesig.
- * 'n Demokratiese voorkoms sonder prosedure ("delegative democracies").
- * Voorkoms van Eenpartystelsels, Militêre Oligargieë, Setlaar-Oligargieë (Beperkte kompetisie en deelname).

Geïnstitutionaliseerde demokrasieë (poliargie-ideaal tipies)

- * 'n Gevestigde tradisie van demokratiese regering bestaan.
- * Gevestigde demokratiese prosedures bestaan om 'n regerende elite daar te stel deur middel van gereelde en vrye verkiesing.
- * Demokratiese regeringswisseling het meer as een keer plaasgevind sonder dat die regime hierdeur ondermyn is.

DEMOKRASIES

ROETE VAN POTENSIELE VERANDERINGS

NIE-GEÏNSTITUSIONALISEERD

GEÏNSTITUSIONALISEERD

Perspektiewe belangrik vir die scenario ontleding
<ul style="list-style-type: none"> Die totstandkoming van 'n nuwe demokrasie is geen waarborg dat die stelsel suksesvol gaan institutionaliseer nie. (Onsekerheid en selfs 'n terugkeer na 'n nie demokratiese bedeling kan nie uitgesluit word nie).
<ul style="list-style-type: none"> Kontemporêre denkers lewer 'n groter bydrae tot die verstaan van prosesse wat tot demokratisering lei terwyl die Deterministe groter insig bied in die verstaan van faktore wat tot demokratiese konsolidasie/ institutionalisering kan lei.
<ul style="list-style-type: none"> Die dinamika verbonde aan die magsdelingsmodus bied besondere insig in die verstaan van die Suid-Afrikaanse politieke transisie.
<ul style="list-style-type: none"> Die faktore wat 'n demokratiese bedeling inisieer verskil van die faktore wat dit laat institutionaliseer of konsolideer.
<ul style="list-style-type: none"> Deur die veranderlikes van "form of government" en "degree of government" diagrammaties te kombineer kan die konsolidasie van demokratisering (al dan nie) bepaal word. (Hierdie analitiese raamwerk is besonder bruikbaar om die rigting van die veranderingsproses aan te dui.).

3.4 Die chaos teorie

Die kernbeginsel van die chaos teorie beklemtoon onvoorspelbare gedragspatrone binne die raamwerk van komplekse nie-liniêre dinamiese stelsels (*Wikipedia, 2007:2*). Hierdie beginsel en onderliggende filosofie is ontwikkel deur Edward Lorentz wat 'n rekenaar gebruik het om weervoorspellings te maak en bevind het dat klein afwykings in oorspronklike kondisies (binne 'n bepaalde stelsel) tot groot afwykings en selfs nuwe wetmatighede/patroonmatighede kan lei. Hierdie vertrekpunt word ook voorgehou as "**deterministiese chaos**" en impliseer 'n bepaalde onderliggende orde en struktuur. In terme van die oorspronklike stelsel is die nuwe patroonmatigheid telkens chaoties. By nadere ondersoek blyk dit dat hierdie chaos 'n duidelik gedefinieerde struktuur in stand hou wat meetbaar en verifieerbaar is. In terme van sy natuurwetenskaplike herkoms het hierdie beskouing drie belangrike voorveronderstellings, te wete:

Stelsels openbaar 'n groot sensitiwiteit vir oorspronklike toestande. Klein veranderings in oorspronklike toestande kan op 'n deterministiese wyse en in 'n eksponensiële sin tot groot afwykings van oorspronklike patroonmatighede lei. Hier is ook sprake van 'n eksponensiële groei van die foutfaktor in 'n deterministiese sin. In sy oorspronklike bydrae "*Predictability : Does the flap of a butterfly's wings in Brazil set off a tornado in Texas?*" het Edward Lorentz hierdie veronderstelling en die gepaardgaande foutfaktor beredeneer. (Hierna word soms verwys as die "butterfly effect!")⁵

⁵ Stewart (1990:141) in sy werk "*Does God Play Dice? The Mathematics of chaos.*" Verduidelik hy die effek soos volg: "*The flapping of a single butterfly's wing today produces a tiny change in the state of the atmosphere. Over a period of time, what the atmosphere*

Hierdie foutfaktor werk deur na alle komponente van die groter stelsel met 'n vorm van stelselverwringing en die sigbare voorkoms van chaos.

Wetmatige ellipse (patroonmatigheede wat soms moeilik bepaalbaar is) kom voor en wyk drasties af van die oorspronklike konvensionele wetmatigheede eie aan die parameters van die oorspronklike stelsel. Hier is sprake van die ontwikkeling van nuwe wetmatigheede en stelselpatrone binne die raamwerk van die oorspronklike stelsel maar 'n fundamenteel andersoortige dinamika.

(Wikipedia, 2007a: 2 – 3)

Om bogenoemde teoretiese vertrekpunte net so oor te neem en op die sosiale en politieke wetenskappe van toepassing te maak, kan gevaarlik wees indien dit nie deeglik gekwalifiseer en gekontekstualiseer word nie. Soos wat die geval was met die oorspronklike stelselanalise van Easton en Parsons (wat ontwikkel is in analogie met biologiese sisteme) kan 'n soortgelyke modellering met die chaos teorie gedoen word ten einde 'n beter begrip van onvoorspelbaarheid te kry. Vir doeleindes van die ontwikkeling van 'n makro-strategiese scenario kan slegs 'n breë analogie al besonder bruikbaar wees! Die volgende analogieë voeg myns insiens waarde toe tot die verstaan van stelseldinamika en stelselontwikkeling binne 'n onstabiele politieke omgewing:

- 'n Komplekse nie-liniêre dinamiese stelsel het bepaald 'n toepassingskonteks binne die politieke omgewing en die politieke stelsel. Politieke stelsels is altyd kompleks, wyk soms heelwat af van liniariteit en is soms so dinamies dat onvoorspelbaarheid 'n belangrike deel van hierdie pakket uitmaak. (Dit is per slot van rekening waarom scenario-ontledings nodig is!)
- Politieke stelsels en stelselontwikkeling veral waar kompromieë betrokke was, (soos wat die geval was met die aanloop tot die nuwe bedeling voor 1994) laat heelwat ruimte vir selfs groter veranderinge in oorspronklike stelselkondisies. Dit laat ruimskoots toe vir 'n eksponensiële foutfaktor wat tot stelselverwringing (gebrekkige politieke institusionalisering), politieke onstabieliteit en politieke verval kan lei. Binne 'n scenario-raamwerk sou hierna verwys kon word as "onsekerhede" waarvan die uitkomst soms moeilik voorspelbaar is en tot die sogenaamde "butterfly effect" kan lei. (Die leierskapstryde wat tans aan die orde is binne die ANC het die potensiaal om radikale veranderinge te fasiliteer en sou as 'n voorbeeld voorgehou kon word!). Veranderlikes kan geïdentifiseer word, oorsaak – gevolg relasies kan bepaal word,

actually does diverges from what it would have done. So, in a month's time, a tornado that would have devastated the Indonesian coast doesn't happen. Or maybe one that wasn't going to happen, does."

maar dit bly steeds moeilik om die uitkoms hiervan te bepaal. (Die opskiet van 'n muntstuk en sy moontlike uitkoms kan hier as voorbeeld van 'n onbepaalbaarheid voorgehou word.).

- Foutfaktore beïnvloed die stelsel op so 'n wyse dat die funksionering hiervan soms drasties afwyk van dit wat in 'n ideaal tipiese sin beklemtoon is. Afwyking in die "vorm van regering" sou breedweg vergelyk kon word met demokrasieë wat plek maak vir "delgative" demokrasieë of pseudo-demokrasieë (Hier is sprake van demokratiese vorm, maar sonder demokratiese inhoud). Afwykings in terme van die graad van regering (soos gemeet in terme van die **Weberiaanse** sterk staat) sou kon lei tot sagte-, swak- of ingeplofde state. (Vergelyk die vorige afdeling). Elkeen van die "nuwe kategorieë veronderstel 'n eiesoortige orde en struktuur wat afwyk en soms fundamenteel kan verskil van die oorspronklike orde en struktuur.
- Om hierdie analogie in 'n politieke verband sinvol te maak, moet dit verbind word aan 'n orde en struktuur wat bepaalde afwykende patroonmatighede akkommodeer. Hierdie andersoortige logika kan gekonstrueer word in terme van 'n **neopatrimoniale regime logika** met 'n eiesoortige stel kriteria wat politieke stabiliteit/onstabiliteit bepaal en demokrasie blootstel aan vorme van stelselverwringing. Volgens die analogie verteenwoordig state(politieke stelsels, wisselwerking) die raamwerk van 'n oorspronklike stelsel terwyl stelsel afwykings (eksponensiële foutfaktore) vertolk word teen die agtergrond (wetmatighede) van 'n patrimoniale logika. Hierdie logika word kortliks gerekonstrueer.

Patrimoniale gesag in onderskeiding van rasioneel-wetlike gesag (a la *Max Weber*) beklemtoon die mag van individue as leiers met magsbasse onafhanklik van die formele staatsektor (dit wil sê etnies, raskundig, religieus, tradisioneel, ens.) Leierskap allokkeer waardes (regte en voorregte) aan 'n bepaalde kliëntebasis in ruil vir politieke steun en ander (hoe ook al geïdentifiseerde) voorregte. *Bratton & van de Walle (1997: 61)* vat hierdie perspektief so saam:

The ruler ensures the political stability of the regime and personal political survival by providing a zone of security in an uncertain environment and by electively distributing favours and material benefits to the loyal followers who are not citizens of the polity so much as the rulers clients.

'n Neo-patrimoniale stelsel is volgens dié denke 'n hibriede stelsel waar partrimonialisme in samehang met rasioneel-wetlike praktyke (soos aangetref in burokrasieë) opereer, maar waar laasgenoemde ondergeskik is aan eersgenoemde. Hier gaan dit oor mense (magsbasis en gepaardgaande voordele) eerder as instellings, wette, ens. Persoonlike mag soos gestel in die "strong men"; "big men" en

"supremos" is toonaangewend wanneer dit met institusionele mag gekontrasteer word. (Vergelyk ook Migdal 1988: 39 – 41; 238 – 277 vir die rol van die "strongmen" in post koloniale samelewings in Afrika). Clapham (1985:48-49) verwys na bogenoemde as: ...the most salient type of authority... terwyl Bratton & van de Walle (1997: 62) dit soos volg beskryf:

Although state functionaries receive an official salary, they also enjoy access to various forms of illicit rents, prebends, and petty corruption, which constitute a sometimes important entitlement of office. The chief executive and his inner circle undermine the effectiveness of the nominally modern state administration by using it for systematic patronage and client list practices in order to maintain political order. Moreover, parallel and unofficial structures may well hold more power and authority than the formal administration.

Belangrike struktuur eienskappe van neo-patrimoniale regime politiek is "presidentialism" (gemanifesteer in die mag en toewysing van waardes deur politieke leiers en strongmen); 'n kliëntgeoriënteerdheid ("clientelism) soos gemanifesteer in terme van staatsintervensie in die ekonomie verskillende vorme van wedersydse bevoordeling; nepotisme en 'n moderne feodalisme met die gebruik van politieke magsbasisse om staatsbronne te reël en aan te wend in belang van 'n bepaalde kliëntekorps (Bratton & van de Walle, 1997: 63 – 68). Afhangende van die mate van politieke kompetisie en die graad van deelname, word onderskeid getref tussen 5 regimes, te wete "**Plebiscitary**" **Eenparty Stelsel** (geen kompetisie en baie beperkte deelname); die **Kompeterende Eenparty Stelsel** (deelname en kompetisie binne die raamwerk van 'n party); **Militêre Oligargieë** (beperkte kompetisie en baie beperkte deelname); **Setlaar-Oligargieë** (beperkte deelname en kompetisie) en die **Veelpartystelsel** (hoë vlakke van deelname maar bedreig selde die regerende party).

Regimeverandering binne 'n neopatrimoniale politieke omgewing vertoon die volgende kenmerke:

- Politieke protesbewegings vorm die dinamiese vir politieke verandering (dit wil sê prosesse buite die raamwerk van die formele staat/stelsel). (Dit vertoon anti-stelsel patroonmatighede dit wil sê 'n patrimoniale logika.).
- Die persoonlike posisie van die diktator is deurslaggewend vir regime verandering/transisie.
- 'n Herdefiniëring van die begunstigde kategorie as belangrike uitkoms van die transisie/verandering.

- Politieke paktvorming tussen elite is onwaarskynlik (Konflik en geweld is 'n veel meer waarskynlike scenario!)
- Politieke stryde konsentreer op die definiëring of herdefiniëring van die reëls van die politieke spel (Institusioneel, wetlik, ens.).
- Die middelklas en opposisie groepe is geneig om as bondgenote saam te werk ten tyde van verandering.
(Bratton & van de Walle, 1997: 77 - 82)

Skematies kan die twee "logikas" so teenoor mekaar gestel word:

WESTERSE STAATS- EN REGIME LOGIKA	PATRIMONIALE REGIME LOGIKA
Staatsinstellings en strukture is belangriker as individue en groepe.	Individuele en groepsbelange is belangriker as institusionele belange.
Burokrasieë (staatsinstellings) is funksioneel van aard en gerig op dienslewering.	Burokrasieë (staatsinstellings) is kliëntgeoriënteerd en soms disfunksioneel in terme van dienslewering in algemene belang.
Duidelike onderskeid tussen die politieke omgewing (staatsektor) en burgerlike samelewing (Civil society).	'n Vervlegting van die politieke omgewing (staatsektor) en burgerlike samelewing (Praetorian society).
'n Duidelike onderskeid tussen staat, regime, politieke party en politieke leierskap.	'n Vervlegting van die staat, regime, politieke party en politieke leierskap.
Meestal demokratiese regeringspraktyke.	Meestal nie-demokratiese regeringspraktyke
Die burgers is gelyk voor die staat en reg en optrede is gerig op algemene belang.	Kliëntgeoriënteerde en gefragmenteerde steunbasisse binne die raamwerk van die staat.
Sterk staat georiënteerd.	Politieke praktyke wat verband hou met sagte-, swak- en ingeplofde state.
Regeringsonstabiliteit is nie noodwendig gelyk aan regime- en staatsonstabiliteit nie.	Regeringsonstabiliteit lei heel dikwels tot regime- en selfs staatsonstabiliteit.
Prioriteitsorde: Staat; Regering; Party; Belangegroep.	Prioriteitsorde: Belangegroep; Party; Regering; Staat.

Perspektiewe belangrik vir scenario-ontleding:

- Politieke stelsels kan voorgehou word as komplekse, dinamiese, nie-liniêre stelsels en reflekteer die dinamika (deterministiese chaos) wat met sodanige stelsels geassosieer kan word. (Konflikterende stelsels bestaan binne een raamwerk).

- Stelselverwringing in terme van die "graad" en "vorm" van regering laat ruimte vir 'n eksponensiële foutfaktor (die "butterfly effect") wat stelselstabiliteit en demokratiese regering radikaal kan verander.
- 'n Neopatrimoniale regime logika ('n ander orde en struktuur) kompeteer met 'n westerse-staatsgeoriënteerde en demokratiese regime logika (die oorspronklike orde en struktuur) om aan neopatrimoniale logika beslag te gee. Hierdie neo-premordiale regime logika vorm 'n belangrike verklaaringsbasis vir die verstaan van politieke verandering.

'n Teoretiese perspektief wat help om stelsel onstabiliteite en disekwilibrium te verstaan is denke ten opsigte van politieke verval.

3.5 'n Analitiese raamwerk vir politieke verval

In essensie fokus hierdie analise op die fenomeen politiek en die manifestering hiervan in terme van die politiek van struktuur (voorgestel as die staat, politieke stelsels en funksionaliteit) en politiek van vloeibaarheid (waar destelselverskynsels met inbegrip van patrone van chaos, wanorde en politieke verval). Dit sluit aan by institutionalisering en disfunksionele staatsteorieë (wat vroeër behandel is) en poog om vanuit 'n politieke veranderingsperspektief groter lig te werp op dit wat Robert Kaplan (1994: 48) in Wes Afrika waargeneem het en wat in die volgende terme beskryf word:

West Africa is reverting to the Africa of the Victorian Atlas ... Instead of borders there would be moving "centres" of powers, as in the Middle Ages ... This future map will be an ever mutating representation of chaos.

Alvorens die raamwerk verduidelik word, moet die konsep politiek eers gedefinieer word. Met politiek word bedoel:

die vermoë om steun binne 'n samelewing te mobiliseer en te organiseer, met as doel die verkryging en/of konsolidasie van 'n politieke magsbasis (meestal institusioneel gefundeer), waardeur bindende besluite (toedeling van waardes) met betrekking tot die samelewing of dele daarvan kan plaasvind, of wat kompeterende en selfs vyandige magsbasisse vreedsaam of nie-vreedsaam kan inhibeer (en selfs verhoed), om hul besluite/waardes op die samelewing of deel daarvan af te dwing.

(Vergelyk Duvenhage 1998: 2-4 vir die argumente wat hierdie beskouing van politiek onderlê.)

Uitgaande van bogenoemde vertrekpunte kan dit gestel word dat die mate waarin politieke strukture (gekonsolideerde politieke magsbasisse) op 'n relatief permanente grondslag vir die gesaghebbende toewysing van waardes verantwoordelik is (dit wil sê

die staat), dit 'n grondslag verskaf vir patrone van politieke ontwikkeling soos gemeet in terme van stelselkriteria. Patrone van politieke verandering waar politieke magsbasisse in verhouding tot ander magsbasisse voortdurend herdefinieer word en konflik en geweld op 'n ongestruktureerde wyse voorkom en die weg baan vir destelsel patrone, word vir doeleindes van hierdie aanbieding met patrone van politieke verval(anti-stelselkriteria) geassosieer.

Hieruit volg dit dat (in ooreenstemming met *David Easton*) hoe groter die politieke dinamika afkomstig vanuit 'n veranderde omgewing, hoe korter is die lewe van 'n politieke akteur as daardie instelling wat waardes en skaars middele gesaghebbend toewys. Die onderskeid tussen politiek van struktuur en politiek van vloeibaarheid moet vir doeleindes van die verstaan van hierdie analitiese raamwerk duideliker omskryf word.

3.5.1 Die politiek van gevestigde spelreëls

Die politiek van gevestigde spelreëls beklemtoon die staat met eienskappe soos 'n vaste geografiese verwysing; 'n permanente samelewing of gemeenskap; 'n politieke instelling met eksterne en interne soewereiniteit; en 'n permanente staatsorganisasie met owerheidsinstellings.

Die staatsbeskouing, as uitvloeisel van die *Weberiaanse* denkpatroon (vroeër gedefinieer), kan as operasioneel beskou word, wat die klem laat val op die veronderstelde funksionele vermoëns van die staat en die meetbaarheid hiervan in terme van empiriese kriteria. Kriteria wat ooreenkomstig die beskouing beteken is het, sluit in: *die handhawing van soewereiniteit binne 'n gegewe staatsterritorium; die ontwikkeling en aanwending van hulpbronne; die daarstelling en instandhouding van die nodige kapasiteite vir die lewering van noodsaaklike dienste; en kriteria wat ontleen word aan aspekte wat met goeie regering ("good governance") verband hou.*

Beperinge met betrekking tot funksionele vermoëns beteken slegs in uiterste gevalle ook die opskorting van die "juridiese staat". Effektief beteken hierdie opskorting die volledige disintegrasie van die staat as 'n politieke entiteit. (Vergelyk *Geldenhuys, 1999: 44 – 46* se beskouing van 'n stukkende staat soos vroeër hanteer!).

'n Belangrike eienskap van 'n omgewing waarin politieke struktuur dominant is, is die aanwesigheid van orde en reëlmaat wat impliseer dat politieke aksies volgens neergelegde reëls (prosedures) geskied – 'n eienskap wat tot groot hoogtes gevoer is tydens die Koue oorlogsfase in die wêreldgeskiedenis. Die mate waartoe orde en reëlmaat deel van die politiek in hierdie era geword het, het daartoe gelei dat die politiek, wetenskaplik gesproke, vanuit 'n

stelselperspektief benader is. (Vergelyk die Stelselontleding wat vroeër geanaliseer is!)

Hoewel 'n nasiestaat en 'n politieke stelsel nie as wissel terme gesien moet word nie (laasgenoemde is ten opsigte van toepassing veel meer buigsaam), onderhou die stelselperspektief soos wat die geval is met die nasiestaat, eienskappe waaronder orde, reëlmaat en ekwilibrium. Dit is in dié verband dat *Easton (1965: 21)* na 'n politieke stelsel verwys as:

...those interactions through which values are authoritatively allocated for society.

Binne die raamwerk van die politieke stelsel is orde en reëlmaat primêr en word veranderlikes soos die omgewing, insette, uitsette en terugkoppeling met betrekking tot bepaalde relasies teenoor mekaar gestel en word herhalende patrone (stabiliteit) beklemtoon ten opsigte van die stelsel se werking asook die interaksie hiervan met die omgewing. Die aanwesigheid van politieke struktuur het as vertrekpunt vir talle wetenskaplikes gedien waar

(s)tability, order, balance, equilibrium and harmony have been both the fundamental reality and goal for most development scholars (Bill en Hardgrave 1970: 82).

Soos vroeër vermeld, help die verstaan van politieke struktuur (en spesifiek hierdie beskouing) slegs in 'n beperkte mate om die verandering van stelsels as stelsel (a la *Parsons*) te verstaan. Die verstaan van die politiek van vloeibaarheid is daarom van wesenlike belang.

3.5.2 Die politiek van vloeibaarheid

Die politiek van vloeibaarheid beteken 'n onvermoë in 'n mindere of meerdere mate om te voldoen aan die operasionele kriteria wat vroeër vermeld is. (Vergelyk paragraaf 2 van die afdeling oor die politiek van gevestigde spelreëls) (Vergelyk ook *Duvenhage, 2003: 50 – 62*). Die onvermoë van stelsels word voorgestel in terme van die volgende patrone van institusionele verval (destelselverandering) wat vervolgens die aandag geniet:

- **Stelselstres (Stelselwrywing)**

Dit verwys na faktore wat die effektiewe funksionering van die stelsel inhibeer sonder om die stelsel-ekwilibrium hierdeur te versteur. Sake wat tot stelselstres bydra is onder meer 'n onbevoegde amptenare korps, patrone van korrupsie, finansiële bestuursprobleme, ontoereikende beheer en stelselprosedures en swak grensbeheer.

Geen politieke stelsel kan daarop aanspraak maak dat dit wrywingloos funksioneer nie, veral ten tye van verandering waar die omvang van eise afkomstig vanuit 'n veranderende omgewing vergroot en die moeilikheidsgraad hiervan toeneem. In hierdie fase (stelselstres) is die stelsel en al sy kernkomponente (soos wet en orde, verdediging, gesondheid en sake wat met regering en administrasie verband hou) in plek, maar uitsette/produksie/dienslewering word aan bande gelê. Dit is gewoon 'n kwessie van meer wrywing en minder spoed. Stelselstres kan die terrein voorberei vir wat as dinamiese ewilibrum voorgehou kan word.

- **Dinamiese ewilibrum**

'n Toestand van dinamiese ewilibrum verwys na situasies (omstandighede) waar 'n omgewingskrisis (hoe ook al gedefinieerd), 'n onbepaalde dinamika (onvoorspelbare verandering) tot gevolg kan hê wat abnormale eise aan die vermoëns (kapasiteite) van die stelsel stel. Hierdie voorgestelde dinamika bedreig nie die stelsel in sy geheel nie en kan **tydsgebonde, plekgebonde of terreingebonde** wees. (Vergelyk *Duvenhage 2003: 53 – 54*).

Ten tyde van dinamiese ewilibrum kan 'n patroon bekend as stelsel uitwyking (system defection) na vore tree. Dit kom daarop neer dat die onvermoë van die staat om behoorlike en gehaltdiens op bepaalde terreine te lewer, veroorsaak dat ander instellings buite die openbare sektor (soms die korporatiewe sektor) hierdie taak begin oorneem. Die opkoms van private onderwys, veiligheidsinstellings buite die staat wat verantwoordelik is vir die handhawing van wet en orde, asook private gevangenis kan binne die Suid-Afrikaanse konteks as voorbeelde dien. Hoewel hierdie tendense uitsonderlik is, kan dit lei tot 'n verlies aan staatsmag en selfs kompeterende politieke magsbasisse (die swak staat) in die hand werk.

Wanneer toestande van dinamiese ewilibrum betree word, kan die kritiese funksies van die politieke stelsel soos wet en orde; die strafregstelsel; verdediging; gesondheid; onderwys en noodsaaklike burokratiese en administratiewe sake onder groot druk verkeer en selfs 'n onvermoë toon om noodsaaklike dienste te lewer binne die konteks van dit wat vroeër as die "gesaghebbende toewysing van waardes" voorgehou is.

Toestande van praetorianisme sowel as dit wat vroeër met die swak staat geassosieer is, kom na vore binne die raamwerk van dinamiese ewilibrum maar bereik wasdom in terme van die fase van disekwilibrum.

- **Disekwilibrum**

'n Toestand van disekwilibrum verwys na 'n situasie waar die staat sy posisie as soewereine politieke instelling verloor en in 'n

konflikterende en soms gewelddadige verhouding staan tot ander politieke akteurs ten opsigte van wie nou eintlik vir die gesaghebbende toewysing van waardes verantwoordelik is. Die toestand kan ook vertolk word as die ekstreme vergestaltung van praetorianisme en die swakstaatsdinamika waarna vroeër verwys is. In dié fase het die "empiriese staat" bykans opgehou funksioneer, maar bestaan dit steeds wat betref internasionale erkenning (juridies gedefinieer). *Migdal* se vertolking van die swakstaatsdinamika sluit hierby aan waar hy na die omstandighede verwys as

...weblike societies (which) have survived with social control dispersed among various social organizations having their own rules rather than centralized in the state or organizations authorized by the state... en verder (I)n their battle for social control, states have usually not faced the opposition of fortified large armies, but scattered, small social organizations jealously protecting enclaves of social control.
Migdal (1988: 40, 177)

Konflikterende magsbasisse binne die raamwerk van die staat lê soms ten grondslag van onvoorspelbare patrone van politieke verandering waarin die staat (een akteur naas andere) 'n onvermoë openbaar om kontinuiteit in voortbestaan te verseker wat betref die sekuriteit, lewensmiddele en ander sosiale behoeftes, gedefinieer as oorlewingstrategie. In uiterste gevalle maak gebrekkige politieke orde en struktuur plek vir chaos waarin die individu hom wend tot ander groeperinge as die staat om politieke oorlewing te verseker. Met politieke chaos word bedoel 'n komplekse samehang van politieke faktore in onderlinge interaksie waarin politieke onvoorspelbaarheid eerder as die omgekeerde toonaangewend is. In hierdie fase word politiek presies dit waarna *Hobbes (1946: 64)* verwys as

...a restless struggle for power which ceaseth only in death.

Anders as in toestande van ewilibrum waar die politieke spelreëls vanuit die struktuur gedefinieer word, is dit nou eerder aanpassing ter wille van oorlewing in 'n omgewing waar die sterkere domineer, al is dit net tydelik, soos wat toestande in state soos die DRK, Sierra Leone, Liberië, Somalië en die groot Meregebied onlangs geïllustreer het. Die uitgeboude aard van disekwilibrum in derde wêreldstate word bevestig deur die feit dat meer as 'n derde van bogenoemde kategorieë deur afskeidingsbewegings bedreig word, terwyl 75% van alle gewapende konflikte sedert die Tweede Wêreldoorlog lae intensiteitsoorloë was met sterk intrastaatskarakter (*Palmer, 1989: 246; Van Creveld, 1991: 20*).

Disekwilibrumtoestande kan daartoe meewerk dat 'n kritiese drempel (soms voorgelê as 'n bifurkasiepunt) oorgesteek word

wat tot die opskorting van die politieke stelsel (voorgehou as staat), ook in die juridiese sin, kan lei.

3.5.3 Stelselinstorting

Stelselinstorting verwys na 'n situasie waar die stelsel totaal oorspoel word deur omgewingsfaktore as gevolg van 'n onvermoë om omgewingsese suksesvol te hanteer. Orde, reëlmaat en struktuur maak plek vir 'n andersoortige "reëlmaat" en "orde" wat met chaotiese stelsels vergelyk kan word of selfs volledige wanorde. (Vergelyk *Duvenhage, 2003: 58 – 60* en die ontleding van die chaos teorie wat vroeër hanteer is).

Die dinamika van stelselinstorting manifesteer in terme van onvoorspelbaarheid, disekwilibrium, die afwesigheid van stelselgebonde konflikbestuursmeganismes en die vervanging hiervan met patrone van ongekontroleerde politieke geweld. Die volgende prosesse fasiliteer stelselinstorting:

- Klassieke rewolusies [Frankryk (1789); Rusland (1917); Mexico (1910)].
- Moderne rewolusies [China (1948); Kuba (1959); Algerië (1960/61); Vietnam (1974)].
- Stelselinploffings [DRK, Soedan en Angola].

(Vergelyk *Duvenhage, 2003: 58 – 62* vir meer besonderhede oor die prosesse wat stelselinstorting in die hand werk.)


Die uitkoms van stelselinstorting is tweërlei te wete die totstandkoming van 'n nuwe stelsel (of stelsels) of die kontinuering van 'n ingeplofde toestand in terme van wanorde en anargie.

Skematies kan die destelselpatrone soos volg voorgestel word:

POLITIEKE ONTWIKKELING

POLITIEKE VERVAL

DIE OMGEWING



Perspektiewe belangrik vir scenario-ontleding:

- Destelsel dinamikas (patrone van politieke verval) manifesteer in terme van patrone soos stelselstres, dinamiese ewilibrum, disequilibrum en stelselineerstorting

3.6 Samevatting van teoretiese perspektiewe vir scenario ontleding

Perspektiewe afgelei vanuit teoretiese raamwerke toegespits op die voorgestelde scenario ontleding en geïdentifiseerde metaveranderlikes (graad en vorm van regering) is soos volg:

3.6.1 Politieke stabiliteit/onstabiliteit (graad van regering)

- Stelselstabiliteit/onstabiliteit is gelyk aan die vermoë/onvermoë van die stelsel om omgewingseise doelmatig te kan hanteer.
- Politieke stabiliteit/onstabiliteit word direk bepaal deur die relasie tussen politieke deelname (politieke mobilisasie) en politieke institusionalisering (ondersteuning en funksionaliteit).
- Die politieke party is 'n belangrike voertuig vir suksesvolle institusionalisering (politieke stabiliteit).
- 'n Rewolusie is 'n ontploffing van politieke deelname wat 'n bestaande stelsel vernietig.
- Praetorianisme ('n vorm van politieke verval) verwys na omstandighede waar vlakke van politieke deelname die institusionele vermoëns van die staat oorskry en veiligheidsinstellings soos die weermag politieke beheer kan laat oorneem - soms net tydelik. Militêre intervensie kan in hierdie opsig in belang wees van politieke institusionalisering en die herstel van wet en orde in die besonder.
- Staatsdisfunksionaliteit (verval) manifesteer in drie kategorieë naamlik Sagte state (korrup, ens.), Swak state (konflikterende magsbassis) en Ingeplofde state (gefragmenteerde soewereiniteit).
- Politieke stelsels kan voorgehou word as komplekse, dinamiese, nie liniêre stelsels en kan 'n dinamika reflekteer wat met "deterministiese chaos" verbind kan word.

- Deterministiese chaos impliseer 'n eksponensiële foutfaktor (die "butterfly effect") wat stelselstabiliteit drasties kan beïnvloed en nuwe patroonmatigheede (orde en struktuur) kan inisieer.
- 'n Neopatrimoniale regime logika kompeteer met 'n Westerse staatsgeoriënteerde en demokratiese regering logika met verreikende implikasies vir beide politieke stabiliteit en demokratiese regering.
- Destelsel dinamikas (patrone van politieke verval) manifesteer in terme van patrone soos stelselstres, dinamiese ewililibrium, disequililibrium en stelselneerstoring.

3.6.2 Demokrasieë/demokratiese regering

- Die graad van regering (stabiliteit/onstabiliteit) is belangriker as vorm van regering (demokrasie/nie demokrasie).
- Die totstandkoming van 'n nuwe demokrasie impliseer nie outomatiese institusionalisering/konsolidasie nie. (Die terugkeer na 'n nie-demokratiese bedeling kan nie uitgesluit word nie).
- Die faktore wat 'n demokratiese bedeling inisieer (soos ontleed deur kontemporêre denkers) verskil van daardie faktore wat dit laat konsolideer (ooreenkomstig die denke van die demokrasie-deterministiese denker).
- Die dinamika verbonde aan die magsdelingsmodus bied besondere insig vir die verstaan van die Suid-Afrikaanse politieke transisie.
- 'n Neopatrimoniale regime logika is nie bevorderlik vir demokratiese institusionalisering (konsolidasie) nie.

Met makro-teoretiese perspektiewe vir die beoogde scenario ontleding nou afgehandel kan oorgegaan word na die kontekstualisering van politieke verandering.

4 Kontekstuele perspektiewe ten opsigte van politieke verandering in Suid-Afrika

Politieke verandering in Suid-Afrika sedert die tagtigerjare kan in twee hoof fases (met verskeie subfasies) verdeel word naamlik:

- Die demokratiese politieke transisie (1983 – 1994).
- Politieke transformasie (1994 -).

4.1 Demokratiese politieke transisie

'n Demokratiese transisie word beskryf as

...(t)he change from non-democratic to democratic government, usually indicated by the existence of at least one free and fair election

(Ferguson, 2006: 352).

In Suid Afrika het hierdie fase gerealiseer in ooreenstemming met die **magsdelingsmodus** van demokratisering wat vroeër hanteer is. Opsommend kan die modus soos volg op Suid Afrika (tydens die periode 1983 – 1994) toegepas word:

- Legitimiteitskrisis en liberaliseringstendense
Tydens die tagtigerjare het die Nasionale Party bewind en die beleid en praktyk van apartheid (afsonderlike ontwikkeling) toenemend onder skoot gekom en het die bewind gereageer met liberalisering. Liberalisering verwys hier na die toekenning en instandhouding van regte en vryhede van voorheen benadeelde groepe. In die Suid-Afrikaanse konteks kan die totstandkoming van die Driekamer parlement (politieke regte en vryhede vir die Kleurling en Indiër bevolkings), toekenning van ekonomiese vryhede en arbeidsregte en later die ontbaning van organisasies soos die ANC, PAC en SAKP asook die vrylating van politieke gevangenes, ook as liberaliseringstendense voorgehou word. Met die toekenning van groter politieke vryhede het die regime gepoog om groter legitimiteit te bekom, maar dit het eerder gelei tot die organisering en mobilisering van opposisiesteun – veral vanuit die swart gemeenskappe wat ontevrede was met die nuwe Driekamer parlement.
- Die identifisering van regering se swakhede en die mobilisering van opposisiesteun
Die uitsluiting van die swart meerderheid in terme van die Driekamer parlement, het uitgeloop op weerstand en verset. Politieke mobilisering afkomstig van organisasies soos die UDF (United Democratic Front) en MDM (Mass Democratic Movement) het gepoog om die land polities onregeerbaar te maak en was relatief suksesvol in veral die groter swart stedelike sentra. Dit is egter begroet met 'n sterk gekoördineerde aanslag van die bewind van die dag wat bogenoemde politieke onstabiliteit tot 'n groot mate in die kiem gesmoor het.

- Regeringsoptrede en teenvoeters vir politieke mobilisering
Met 'n veiligheidsbestuurstelsel in plek, sekurokrate uit veral die weermag in beheer van sake (Pretoria's Praetorians) en die politieke ondersteuning vanuit die bewind, is daar korte mette gemaak met politieke onstabiliteit en was die land teen die laat tagtigerjare relatief stabiel. Dit was egter 'n stabiliteit onder dwang sonder die vooruitsig van 'n politieke oplossing (skikking). Hierdie stabiliteit was geleë in 'n bepaalde skaakmatsituasie wat ontwikkel het en die die weg voorberei het vir 'n onderhandelde skikking.

Skaakmat en onderhandeling


Van Zyl Slabbert (2006: 45) beskryf die konfliktsituasie, soos wat dit tydens die laat tagtigerjare ontstaan het, as:

*...stalemated between the politics of
oppression and the politics of revolt.*

Informele gesprekke soos dié in Dakar (en in ander dele van die wêreld) het die weg gebaan vir meer gestruktureerde gesprekke (Kaapstad en Pretoria minute), KODESA 1, KODESA 2 en die Veelpartykonferensie wat uiteindelik uitgeloop het op die interim grondwet en die 1994 verkiesing wat met 'n groot meerderheid deur die ANC gewen is. Met die verkiesing het liberalisering formeel uitgeloop op demokratisering en was die demokratiese politieke transisie afgehandel. Skematies kan die politieke verandering (transisie) só voorgestel word:

Diagram 7

OU REGIME



Hierdie demokraties politieke transisie het egter die weg voorberei vir 'n veel meer omvattende proses van politieke, ekonomiese en sosiale herstrukturering bekend as politieke transformasie. Hieraan word vervolgens aandag gegee.

4.2 Politieke transformasie (1994 -)

Vier prominente politieke kwessies wat tydens die onderhandelingsproses op die agenda was (en steeds is), verdien vermelding, te wete:

- **Meerderheidsverwagtinge versus minderheidsvrese** (swart nasionalisme, die herverdeling van rykdom, regstellende aksie ensovoorts vs. minderheidsbelange, kulturele beskerming, taalregte ensovoorts.)
- **Die aard, tempo en implementering van politieke, ekonomiese en sosiale verandering en die gepaardgaande herstrukturering** (Die implementering van die "Nasionale Demokratiese Rewolusie" – wat, waar, wanneer en hoe?).
- **Politieke strukture en institusionaliseringsprosesse** (Politieke stelsel, staatsvorm, kiesstelsel, provinsiale en plaaslike regering.).
- **Die aard en bestuur van die politieke ekonomie** (Demokraties-sentralisties, Ontwikkelingstaat, Vryemark ekonomie.).

Die implementering van die "Nasionale Demokratiese Rewolusie" moes onder meer bogenoemde aanspreek in terme van die bestuursfilosofie van transformasie. Politieke transformasie kan gesien word as 'n kompromis tussen die rewolusionêre denke van verandering van die ou bewind en die rewolusionêre idees (struggle) van die ANC en sy bondgenote. Politieke transformasie as 'n politieke veranderingsproses kan gedefinieer word

...as die snelle, progressiewe, omvangryke en fundamentele politieke verandering van die samelewing (voortspruitend uit 'n onaanvaarbare politieke verlede) wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiale ingenieurswese en politieke manipulasie), soms hegemonies bedryf, met beklemtoning van die bestuur van politieke verandering in die algemeen en konflikbestuur in die besonder.

[Vergelyk *Duvenhage (2005: 11 – 23)* vir 'n gedetailleerde konseptualisering van politieke transformasie.]

Die sentrale filosofie van hierdie veranderingsproses behels:

- Die vestiging van demokratiese instellings wat op verteenwoordigheid kan aanspraak maak.
- Die bewerkstelling van 'n nie-rassige demokratiese bedeling.
- Die inisiëring van 'n vooruitstrewende, volhoubare en ontwikkeling-georiënteerdheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse, maar ook die Pan Afrikaanse samelewing (NEPAD).
- Die toepassing van omvattende "chirurgie" "...to meet the mass revolutionary challenge", met as fokus sosiale en politieke ingenieurswese.

Bogenoemde vertoon duidelik ooreenkomste met wat in 'n Stalinistiese sin voorgehou word as "revolution from above."

Twee duidelike fases in terme van die toepassing van politieke transformasie kan soos volg voorgestel word:

1994 – 2003: – fase 1	2004 – 2009: – fase 2
Konsensus oor die relatief onaantasbare status en posisie van die ANC.	Aanduidings van die politieke erosie van die hegemonie, die afplating van steunvlakke (apatie) en groter politieke verdeeldheid binne die "broad church".
Die ontwikkeling en daarstelling van nuwe politieke, ekonomiese en sosiale waardestelsels.	Herstrukturering in terme van nuutgedefinieerde waardestelsels op alle vlakke.
Die formulering van politieke spelreëls/konvensies, ens.	Die implementering van die nuwe spelreëls op elke terrein van die samelewing.
Die deligimitering van opposisiepolitiek.	Die herstrukturering van opposisiepolitiek.
'n Sterk politiek ideologiese oriëntasie en mobilisasie van steun.	'n Meer pragmatiese (implementeringsoriëntasie van die makro plan (Steunverliese kan egter 'n herideologisering tot gevolg hê!).
Politieke beheer en bemagtiging van nuwe elite ("cadre deployment" – polities).	Groter sosiale en ekonomiese beheer en die gepaardgaande bemagtiging van politieke kaders.
Makro strategiese beplanning en inisiatiewe ("top⇨ down").	Taktiese en operasionele beplanning in uitvoering van die makro plan ("bottom⇨ up").
Beleidsbeplanning: Sosiale en politieke ingenieurswese.	Veranderingsbestuur / Konflikbestuur (Implementerings gerig).
Politieke mobilisering van steun op ideologiese gronde.	Politieke mobilisering van sosiale magte veral ten opsigte van opposisiepolitiek (Groter patrimonialisme).
Sterk staat met groot kapasiteit.	Swakstaatverskynsel en patrone van politieke verval tree op voorgrond.
Konsensuele politieke stabiliteit	Groter politieke weerstand teen die status quo (beide radikaal en reaksionêr).

Kontekstueel kan die volgende fases van verandering, polities gesproke, onderskei word, te wete Liberalisering (1983 – 1990), Demokratisering (1990 – 1994), Politieke transformasie (1994 – 2003) en Sosiale en Ekonomiese Transformasie (2004 -).

Om saam te vat moet die konteks van politieke verandering in Suid-Afrika teen die agtergrond van twee verbandhoudende politiese prosesse beoordeel word, te wete politieke transisie (1983-1994) en politieke transformasie (na 1994) wat weer in twee fases verdeel kan

word. Dit is veral die verloop en die afloop van politieke transformasie wat belangrik is met die oog op die toekoms en scenario ontledings wat hiermee verband hou.

Met bogenoemde kontekstualisering afgehandel, kan daar nou oorgegaan word na die konstruksie van scenario-perspektiewe.

5 'n Scenario analise van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing

Een van die twee kernvrae wat vroeër aan die orde gestel was, is:

Wat is die sleuteldeterminante van politieke verandering binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing in terme van samestelling (kompleksiteit) en samehang? Binne scenario-ontledings word daar nooit met meer as vyf veranderlikes gewerk nie. In terme van die makro-politieke dinamika in Suid Afrika (en in ooreenstemming met kriteria ontleen aan dié metodologie), is die volgende veranderlikes van sleutelbelang wanneer die toekoms van politieke stabiliteit en die demokrasie aan die orde gestel word naamlik:

- **Regime dinamika en interaksie.**
- **Transformasie en plaaslike owerheidsdinamika**
- **Die politieke ekonomie van Suid-Afrika.**
- **"Human and social capital".**
- **Die eksterne omgewing.**

5.1 Veranderlike 1: Regime-dinamika en interaksie

In die vroeë negentigerjare het die ANC as bevrydingsbeweging tot die onderhandelingsproses toegetree, as regerende party uit die 1994-verkieping gekom, en met die beleid van politieke transformasie (1994-2003) politieke mag binne die regime gekonsolideer. (Vergelyk die historiese kontekstualisering wat in die vorige afdeling uiteengesit is!) Waar 'n regering primêr verwys na

... the institutional process through which collective and usually binding decisions are made...

is die betekenis van regime meer omvangryk en beteken dit:

"...a broader term that encompasses not only the mechanisms of government and the institutions of the state, but also the structures and processes through

which these interact with the larger society" (Heywood 1997: 24).

Dit sluit aan by *Krasner (1983)* se definisie van regimes as
*...(i)nstitutions processing norms, decisions,
rules and procedures which facilitate a
convergence of expectations*

Waar 'n onstabiele regering nie noodwendig tot 'n onstabiele staat sal lei nie, is die risiko's van regime-onstabiltiteit veel groter vir die stabiliteit van die staat. Die ANC vertoon juis toenemend kenmerke van 'n regime met kombinasies van faktore wat politieke onstabiltiteit in die hand werk.

- Die ANC as regime

Waar die ANC na 1994 bloot 'n regerende party (eintlik steeds 'n bevrydingsbeweging) was met beperkte regime invloed, het die situasie sedertdien drasties verander en was regime beheer een van die belangrikste prioriteite van die nuwe bewind. In terme van die doelstelling van transformasie van staatsinstellings, verklaar die ANC (1997: 16) soos volg:

Thus it is a critical part of the ANC's programme to change the doctrines, the composition and the management style of all these structures to reflect and serve South African society as a whole ... Success in transformation will depend critically on the role of the state.

Die uitkoms na bykans 13 jaar is 'n "getransformeerde staatsektor" met die ANC stewig in beheer van staatsmag op alle vlakke van regering asook alle sleutelkomponente van die regime. *Die Cadre Policy and Deployment Strategy (1997)* het as doel:

- Die sentralisering van mag binne die ANC en spesifiek die Nasionale Werkskomitee (NWC).
- Kaders wat ten alle tye aanspreeklik aan partystrukture bly.
- Partybeheer oor staatsinstellings. (Die party beheer die staat in ooreenstemming met die praktyk en filosofie van ou kommunistiese state.)
- Die verstewiging van die ANC hegemonie oor die burgerlike samelewing.

(ANC, 1997: 1 – 6)

Sentra wat uitgesonder is om beheer te word, sluit in:

Staatsektor: Weermag; Polisie; Intelligensie; Staatsdepartemente; die Regbank en Sentrale Bank.
Burgerlike samelewing: Sport; Ekonomie en Uitsaaiwese. Die uitkoms was 'n party (gestruktureer as 'n bevrydingsbeweging) in volledige beheer van die regime (politieke stelsel) binne die raamwerk van die groter staat. 'n Duidelike politieke onderskeiding en selfs konflikterende verhouding tussen staat en regime is 'n belangrike dinamika binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing wat verdien om vermeld te word. Waar die regime sterker patrimoniale tendense vertoon is die konflik met die staat ('n westers demokratiese logika) besig om aan 'n Neopatrimoniale logika met komplekse samehang beslag te gee.

- Staat versus Regime

Hierdie aspek verwys na wat vroeër as 'n Neopatrimoniale stelsel (en logika) beskryf is en waarvolgens rasioneel wetlike praktyke (verteenwoordig deur die staat, grondwet, burokratiese etiek, ensovoorts) in konflik (soms in samehang) met 'n patrimoniale gesag (gesetel in belangegroepes soos georganiseer en gestruktureer in ANC-verband) funksioneer as 'n tipe hibriede stelsel. Met die voltrekking van politieke transformasie het patrimoniale magsbasisse 'n belangrike en in sommige opsigte selfs "dominante regime invloed" bekom via die invloed van die "party" (ANC) oor die staat en die groter samelewing. Vir talle ANC ondersteuners is die "party" steeds in "stryd" met die staat (ideologies verbind tot apartheid) ten einde die "Nasionale Demokratiese Rewolusie" suksesvol te laat inslag vind. Die volgende navorsing bevestig hierdie tweeledigheid:

50% van alle ANC kaartdraende lede van Gauteng provinsie het ernstige probleme met die staat se hantering van MIV/Vigs, werkloosheid en misdaad. Maar nietemin is 97% baie positief oor die ANC. Dit bevestig die aard van konflik wat bestaan maar ook die afwesigheid van verantwoordelike regering soos veronderstel binne die Suid-Afrikaanse demokratiese grondwet. Die kompleksiteit van konflik (Staat vs. Regime) word vererger deur wat voorgehou kan word as die "Broad church" fenomeen.⁶

- "Broad church" fenomeen

Binne hierdie oorhoofse raamwerk moet drie sake beklemtoon word, te wete: ideologiese verskille; konflikterende belangegroepes, ras-, kultuur- en genderfaktore.

- A) As bevrydingsbeweging was die doelwit voor 1994 baie duidelik: vernietig apartheid en bewerkstellig 'n

⁶ Vergelyk Duvenhage (2006) se bydrae *Die leierskapstryd binne die ANC* in *Woord en Daad* vir die aard, samestelling en funksionering van die "Broad church".

verenigde, nie-rassige, nie-seksistiese Suid Afrika los van diskriminerende praktyke. *Nou is dit bereik en waarheen nou?* Ideologiese verskille oor waarheen daar beweeg moet word, het vroeg reeds ontstaan en geleidelik beslag gegee aan twee duidelike kampe naamlik diegene wat die ontwikkelingstaatgedagte op basis van 'n neo-liberale ideologie wil bestuur en diegene wat sterker demokraties-sosialisties en populisties na die situasie kyk. Wanneer die Mbeki kamp (komende uit eersgenoemde) en Zuma kamp (bande met laasgenoemde) teenoor mekaar geplaas word, gaan dit dus nie net oor wie uiteindelik die leier gaan wees nie, maar veral watter ideologie en gepaardgaande struktuur uiteindelik gaan triomfeer. Dit is min of meer waarna Gumede (2005) verwys as hy skryf oor die stryd om die siel van die ANC – 'n verdelingslyn wat op alle vlakke (ook provinsiaal en plaaslik) woed en bydra tot onstabiliteit binne die Party, die Regering en die groter Regime.

- B) Binne die raamwerk van die "Broad church" ('n sambreelterm om die kompleksiteit binne die ANC aan te dui) funksioneer 'n verskeidenheid van groeperings in 'n formele of informele sin. Dit sluit letterlik 'n potpourri van organisasies in waarvan sommige lankal ontbind het, maar steeds as belangegroepes of drukgroepes (formeel of informeel) binne sosiaal-politieke raamwerke funksioneer. Hierdie kompleksiteit is polities (SAKP; UDF; MDM; Exiles; Robbeneilanders, ens.), ekonomies (Vakbonde; NAFCOC, ens.) en sosiaal (SARK; SANCO, ens.) van aard. Hierdie groeperings koppel op komplekse en dinamiese wyse op tot die twee belangegroepes binne die ANC wat vroeër aangedui word nl. die institutionaliste (met neo-liberale verwysing) en die populistes (met 'n demokraties-sosialistiese verwysing). Hierdie toedrag van sake maak die dinamika moeilik voorspelbaar en die uitkomstes onseker - veral in soverre dit leierskap en die aanwysing hiervan binne die groter raamwerk aanbetref.

Formele strukture, informele belangegroepes en dikwels konflikerende strategieë fasiliteer die oorgang (transformasie) van die bevrydingsbeweging na die politieke party. Hierdie transformerende konteks benodig 'n bepaalde tipe leierskap - 'n leierskap wat tans ontbreek binne die ANC en wat Mbeki (ten spyte van al sy goeie kwaliteite as leier en staatsman) as te lig bevind het.

- C) Asof bogenoemde raamwerk nie kompleks genoeg is nie, speel faktore wat met ras, kultuur en gender verband hou

'n groterwordende, soms destruktiewe rol en raak dit die stabiliteit van die groter raamwerk (ANC; Regering; Regime.) In terme van rasverskille word die konflik nêrens beter uitgewys (ironies nogal) as tussen bruin en swart in beide die Wes- en Noord Kaap. Provinsiale leierskapstryde tussen Block en Peters (Noord Kaap) en Rasool en Skwacha (Wes Kaap) illustreer bogenoemde problematiek. In die algemeen wys opnames ook dat Bruin-, Indiër- en Witminderheidsgroepe hulself vervreemd en gemarginaliseer voel in terme van die politieke raamwerk waarbinne die ANC homself uitleef.

Verder is dit opmerklik dat gerespekteerde leiers waaronder Mangosothu Buthelezi reeds op die gevaar en werklikheid gewys het van etno-kulturele konflikte binne swart gelede en meer spesifiek dan die verslegte verhoudings tussen Zoeloes en Xhosas (binne die groter Ngunigroep). Dit is veral die Xhosagroep wat deur ander etniese groepe as sondaar geïdentifiseer word - 'n situasie wat nie net onder Zoeloes versleg het sedert die afdanking van Jacob Zuma. Die verwysing na 'n sinistere Xhosa-nostria (Xhosa mafia) duik telkens op wanneer die funksionering van die ANC en groter regime ter sprake kom en het verskeie groeperings hul reeds uitgespreek teen wat genoem kan word: die "Xhosafication" van Suid Afrika.

Benewens ras en kultuur is dit duidelik dat ook die kragte wat met gender geassosieer word, kontroversieel is binne die ANC. Mbeki se strewe om 'n vrouepresident vir Suid Afrika na te laat is in verskeie gelede van die ANC (veral diegene wat vroeër met die populistiese verbind word) baie negatief ontvang. Die Vroueliga binne die ANC is egter 'n invloedryke groepering wat (soos ook in die geval van die ANC jeug) 'n groot invloed binne die besluitnemende strukture van die "Broad church" het. Hierbenewens beklee vroue ook invloedryke posisies in instellings soos die kabinet, parlement, wetgewers, plaaslike regerings en die openbare sektor. Om vroue te mobiliseer na die een of ander kant is ongetwyfeld 'n verdeelende faktor en 'n katalisator in terme van die organisasie en die leierskapstryd. Hoewel onwaarskynlik, kan 'n vrouekandidaat 'n moontlikheid wees in terme van die komende verkiesing.

Dus, kortom – ras-, kultuur- en genderfaktore speel 'n groterwordende rol in die veranderingsproses wat die ANC tans ervaar en indien verkeerd bestuur, oor die potensiaal beskik om baie destruktief te kan inwerk op stabiliteit binne die organisasie en daarbuite.

Leierskapstryde binne die ANC

Met die voorafgaande as vertrekpunt is leierskapskonflikte 'n noodwendigheid. Wanneer hierdie tipe konflikte eers struktuur ontwikkel, word dit telkens 'n destabiliserende faktor in eie reg. Op verskillende vlakke (te veel om op te noem) het leierskapstryde na die oppervlak gekom. (Vergelyk Lekota vs. Magashule (Vrystaat); Block vs. Peters (Noord Kaap); Rasool vs. Skwatcha (Wes Kaap); en George vs. Stofile (Oos Kaap). Die onlangse konflik tussen die Sekretaris Generaal van Cosatu (Vavi) en die President van dieselfde organisasie (Madisha) wys hoe vër die konflikte reeds strek binne die spreekwoordelike "Broad church".

Dit was (en is!) egter die konflik tussen Thabo Mbeki (President van die ANC en Suid Afrika) en Jacob Zuma (Adjunk-president van die ANC en gewese Adjunk-president van Suid Afrika) wat as die moeder van alle konflikte voorgehou kan word. Hoewel hierdie konflik 'n simptoom van die voorafgaande is, het dit ook 'n historiese wortel wat sover terugdateer as 1975 toe Zuma opdragte van Mbeki tydens die bevrydingstryd verontagsaam het. Hoewel beide die leiers as "exiles" gesien kan word, is die persoonlike kontraste (byvoorbeeld etniese verband; leierskapstyl; kwalifikasies en ideologiese oriëntasie) so uiteenlopend dat 'n baie beperkte moontlikheid bestaan tot versoening op 'n persoonlike vlak. Om Mbeki se posisie verder te kompliseer het hy op persoonlike vlak gebots met Kgalema Montlante (Sekretaris-generaal) en die invloedryke verworpenes van die ANC en tans sakemanne: Sexwale; Ramaphosa en Phosa.

Dus, konflikte op leierskapsvlak is tans endemies binne die ANC en tegelyk 'n simptoom maar ook 'n katalisator in eie reg vir eskalerende konflikte teen die agtergrond van die transformasie van 'n bevrydingsbeweging na 'n politieke party. Bogenoemde stel die raamwerk vir die opvolgstryd in die ANC wat homself gedurende 2007 gaan voltrek. In belangrike opsigte vertoon die ANC verder kenmerke wat met die Uhuru verskynsel geassosieer kan word.

- Die Uhuru Party-fenomeen

Hierdie fenomeen kan beskryf word as eenparty dominansie oor die langer termyn in 'n post-koloniale omgewing. Kenmerke wat aan hierdie tendens (fenomeen) verbind, soos aangetref word in state soos Zimbabwe, Botswana, Zambië en Namibië, sluit in:

- Die bevrydings (Uhuru) party se oorheersing van die politieke toneel.
- Die beperkte impak van opposisiepartye.
- Steunverliese in reële terme waar verkiesings plaasgevind het.
- Leierskapstryde, weerstand en politieke onstabiliteit oor die langer termyn.
(Vergelyk *Duvenhage, 2005: 23 – 25*)

Verskeie skrywers waaronder *Giliomee (1998)*, *Schlemmer (2005)* en *Southall (1996)* het die gevaar van eenparty dominansie in Suid-Afrika uitgewys. *Lodge, (2003: 29)* beskryf die ANC in hierdie opsig as
{...} a hegemonic or absolutist conception of politics in which the 'mission of the party is the highest value excluding state, nation, family or other social group' and in which formal government is merely an instrument of achievement.

Die algemene verkiesingsuitslae van 1994, 1999 en 2004 bevestig bogenoemde met die volgende kenmerke afgelei vanuit die laaste (2004) verkiesing:

- Die ANC het 'n twee derde meerderheid vir parlementêre setels behaal en het ook beheer van al nege die provinsies oorgeneem.
- Die meerderheid swart kiesers stem steeds vir die ANC, terwyl minderheidsgroepe, ongeveer 25% van die geregistreerde kiesers, vir die opposisiepartye stem.
- Die ANC se ondersteuningsbasis is primêr swart met inbegrip van werkloos en mense uit die agtergeblewe groepe.

- Die ras sensus, wat so prominent was in die 1994- en 1999 verkiesings, is steeds 'n uitstaande kenmerk van die 2004 verkiesing (die meerderheid swart kiesers het vir die ANC gestem, terwyl die meerderheid Kleurling-, Indiër en Wit kiesers vir die opposisieparty gestem het).
- Die NNP-steun het só afgeneem dat die leierskap besluit het om die party te ontbind en hul gewig agter die ANC te gooi.
- Al het die ANC 'n twee derde meerderheid behaal, is dit so dat hul minder stemme as tydens die 1999-verkiesing getrek het (1999-verkiesing – 89% van die potensiele kiesers, 2004-verkiesing - 75% van die potensiele kiesers).

(Terreblanche, 2004: 11)

Gevolgtrekkings

- **Die ANC is heelwat meer as net 'n regerende party en voldoen aan vereistes soos gestel vir 'n politieke regime.**
- **'n Sterk party en regimevorming is belangrike teenvoeters vir patrone van politieke onstabiliteit.**
- **Regimevorming is egter in konflik met die demokratiese veronderstellings van beperkte en verantwoordelike regering.**
- **Faktore wat bydra tot regime-onstabiliteit sluit in:**
 - **Institusionele konflik binne die “Broad church”.**
 - **Belangegroep konflik (soms patrimoniaal maar ook histories).**
 - **Ideologiese verskille.**
 - **Leierskapskonflikte.**
 - **Die Uhuru-fenomeen.**

- 'n Onstabiele regime sal noodwendig tot 'n onstabiele staat bydra en beperkend inwerk op demokratiese praktyke.
- Die ANC was tot dusver onsuksesvol om sy eie transformasie van 'n bevrydingsbeweging na 'n politieke party af te handel. Kommentators verwys na die noodsaak van *...a serious re-engineering of the ANC's culture, values and structure.* (Matshiqi, 2007: 27).
- Binne 'n komplekse, nie-liniêre stelsel dinamika kan uitkringende leierskapkonflikte bydra tot die sogenaamde *skoenlapper* effek waarna vroeër verwys is!

5.2 Veranderlike 2: Politieke transformasie en plaaslike regeringdinamika

Politieke transformasie (soos vroeër gedefinieer) beskryf

... 'n reaksie teen die apartheidsverlede en die snelle en omvangryke herskikking van politieke kragte in die samelewing ooreenkomstig 'n bloudruk wat as uiters progressief beoordeel kan word. Hiervolgens moet uitdrukking gegee word aan 'n verenigde, nie-rassige en nie-diskriminerende samelewing waarin die politieke magshebbers leiding neem om politieke verandering ook op sosiale en ekonomiese terrein te laat inslag vind. Dit beteken dat kontrolemeganismes in plek geplaas moet word waarin die verteenwoordigende formule (representativity) as bepalend gereken en toegepas moet word. (Duvenhage, 2005A: 11)

In politieke transformasie het Suid-Afrika dus te make met 'n uiters komplekse en dinamiese bestuursmodus wat vanuit die ANC (maar ook die groter regime) as die praktiese volvoering van die "**Nasionale Demokratiese Rewolusie**" vertolk word.

Transformasie as bestuursmodus is een van die moeilikste bestuursmodusse om suksesvol te implementeer en algemene probleme wat met hierdie bestuursmodus geassosieer word, sluit in: gebrekkige politieke leierskap en bestuur; institusionele kapasiteitsprobleme; gebrekkige samewerking van laer owerheidsvlakke; gebrekkige institusionele verskynsel; die swakstaatverskynsel (met

gebreklike dienslewering en as uitkoms) en inersie (Vergelyk *Duvenhage, 2005A: 23 – 34*). *Human (1998: 2)* beklemtoon in hierdie verband dat:

Only a strong state can shape a new society as only a state with strong institutes can truly revolutionize society.


en verder

Transformation requires extraordinary effort and insight. This is because it is unnatural; It goes against the grain of our psychological and social constitution as creators of habit (1998:23).

Uitgaande van die sterkstaatvertrekkpunt van *Max Weber* met 'n taakoplegging van "maksimum staat" is die volgende sake van kernbelang vir die suksesvolle volvoering van hierdie bestuursmodus, te wete: funksionele en legitieme politieke instellings; kapasiteitskepping op alle regeringsvlakke; politieke bestuurskohesie; 'n "top-down" bestuursfilosofie, geharmoniseer met 'n "bottom-up"; 'n pro-aktiewe bestuursbenadering; patrone van politieke stabiliteit en sterk sosiale beheer oor die samelewing (Vergelyk *Duvenhage 2005A, 23 – 34*).

Gevallestudies in Tanzanië (Ujamaa – Sosialisme – Nyerere) en Egipte (Radikale Sosialisme - Nasser) waar vergelykbare pogings tot transformasie van stapel gestuur is, het klaaglik misluk in terme van die vooropgestelde transformasie doelstellings [Vergelyk *Migdal, (1988, 181 – 205)*; *Jennings, (2002: 509 – 530)* en *Duvenhage, (2005A: 23 – 34)* vir die mislukking van transformasiegerigte pogings in hierdie state.] Beide gevallestudies toon dat in 'n omgewing van politieke disfunksionaliteit en selfs verval, regimevorming sterker op die voorgrond getree het en die weg voorberei het vir eenpartydominansie en selfs politieke diktature.

Skematies kan die politieke dinamika van die gepoogde transformasie pogings só voorgestel word:



Nieteenstaande bogenoemde perspektief, moet die volgende transformasiesuksesse deur die ANC regering in Suid-Afrika beklemtoon word, naamlik:

- Swartdeelname in die ekonomie het gegroei van R12 biljoen in 1995 tot R56 biljoen in 2006.
- Waar 61% van die bevolking in 1994 toegang gehad het tot skoon water, staan dit vandag op 85%.
- Sanitasie: Styging van 50% in 1994 tot 71% in 2007 van huishoudings wat oor sanitasie beskik.
- Elektrisiteitsvoorsiening: 4,2 miljoen huise is ge-elektrifiseer sedert 1994 vir 'n groototaal van 80% huishoudings vandag.
- Die getal vroue in die Nasionale Parlement en Provinsiale wetgewers het van 25,4% (1994) tot 37,5% (2004) toegeneem.

(Netshitenze, 2007: 30).

Die situasie met betrekking tot grondhervorming is egter beduidend swakker as die relatief positiewe statistieke soos hierbo genoem. Sentraal-Wes Koöperasie wys byvoorbeeld daarop dat in die periode 1994 tot Februarie 2004 is slegs 2,5 miljoen hektaar grond teen 'n koste van R4,6 biljoen aan voorheen benadeeldes oorgedra (Senwes, 2004; Bosman, 2007:9). Dit maak 2,9% uit van alle landbougrond in Suid-Afrika terwyl die teiken van 30% landbougrond herverdeel moet word voor 2015. Indien 'n verdere 23,4 miljoen hektaar teen die einde van 2014 aan voorheen benadeeldes oorgedra moet word impliseer dit 'n tempo van ± 2,16 miljoen hektaar per jaar wat nie moontlik is binne die raamwerk van 'n vrywillige koper – verkoper nie. Politieke weerstand oor hierdie toedrag van sake is reeds aan die opbou waar organisasies soos SAKP (Rooi Oktober Kampanje), Jeugligas (ANC en Kommuniste) en die Landless People Movement steeds groter beswaar maak oor die stadige vordering van grondhervorming in Suid-Afrika.

Die grootste bedreiging vir die nasionale projek van transformasie is egter geleë in disfunksionele strukture (swak staat en ingeplofde staat) op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke. Volgens die *World Competitive Centre* het Suid-Afrika uit 55 state van 38ste in 2005 na 50ste posisie teruggesak. In vyf kategorieë het Suid-Afrika die swakste posisie ingeneem te wete: arbeidsmag; beskikbare ingenieurs; doeltreffende immigrasie wetgewing; diskriminerende praktyke; en werkloosheid. 'n Baie kommerwekkende statistiek is dat Suid-Afrika se werksmag slegs 26% van sy bevolking uitmaak in vergelyking met Meksiko (40%) en China (58%) (van Tonder, 2007:1). Hoewel disfunksionaliteit endemies is aan die groter regime in Suid-Afrika, is die grootste krisis in provinsies soos die Oos Kaap, Limpopo

**SUID AFRIKA SE KOMPETEERBAARHEID
MET 55 ANDER STATE**

KRITERIA	POSISIE UIT 55
Ekonomie	54
Lewenskoste	7
Ekonomiese groei	27
Werkloosheid	55
% Werkers (samelewing)	24
Werklose jeug	21
BBP per capita	46
Infrastruktuur	55
Elektrisiteitskoste	1
Internet kostes	55
Beskikbare ingenieurs	55
Lewensverwagting	55
Effektebeurs (Kapitalisering)	4

1 = BESTE POSISIE


KRITERIA	POSISIE UIT 55
Bekwame werksmag	55
Verlies aan kundigheid	55
Finansiële kundigheid	52
Bekwame bestuur	51
Regerings "efficiency"	35
Inkomste belasting kategorisering	2
Diskriminasie	55
Immigrasie wette	55
Veiligheid	54
Arbeidswetgewing	51
Gesondheid	55
Menslike ontwikkeling	53
Besigheidsdoeltreffendheid "efficiency"	32

55 = SWAKSTE POSISIE

(Uit van Tonder 2007;1)

Disfunksionaliteit binne die Suid-Afrikaanse politieke bestel het veral op plaaslike vlak in politieke konflik en geweld ontaard. Sedert 2003 het politieke protes teen die plaaslike regeringsbedeling wat in Diepkloof (Gauteng) begin het, oorgespring na die Vrystaat (Vrede, Warden, Merriel en later ook Bethlehem, Clarens, Fouriesburg, Rosendal, Kroonstad, Bloemfontein en Winburg) om nog verder te versprei om letterlik al nege provinsies te impliseer. [Vergelyk *Duvenhage, 2004: 1 – 2*; *Rademeyer & De Lange, 2005: 13* vir besonderhede oor die omvang van die verskynsel]. Sedert Mei 2007 was patrone van onstabiliteit aanwesig in Mamelodi-Oos, Wolmaranstad, Nelspruit, Khutsong, Mataliele, Lekwa-Teemane, Denysville, Makwassie (Lebaleng), Eersterust (Pretoria) en Ekurhuleni (Oos-Rand). (*Rossouw, 2007: 15*)

Diagram 10



Brandpunte van gewelddadige protesoptogte in SA (2004-2007)

Hierdie omstandighede herinner sterk aan die onstabiele Suid-Afrika van die jare tagtig en is steeds prominent vandag. Dit is egter verstaanbaar wanneer die omvang van disfunksionaliteit in oënskou geneem word. Die funksionele situasie van plaaslike regering voor die 2006 plaaslike regeringsverkiesing was soos volg:

284	Munisipaliteite.
203	Kan nie sanitasie voorsien aan 60% van die inwoners nie.
155	Kan nie water voorsien vir 80% van munisipale eiendomme nie.
182	Nie in staat om vullis te verwyder van 60% huise nie.
122	Kan nie elektrisiteit verskaf aan 60% huise nie.
116	Nie in staat om huisvesting te verskaf aan 60% van inwoners nie.
42	Nie in staat om 50% van hulle basiese pligte uit te voer nie.
136	Geormerk om hulp te ontvang van die Projek Konsolideer.

[Departement Provinsiale en plaaslike regering se statistieke soos aangehaal deur *de Bruin (2005:20)*, *vgl ook Duvenhage2005A: 29-31*]

Die finansiële situasie op plaaslike regeringsvlak word deur *Dawie Roodt*, ('n Ekonomiese van *Efficient Group*) as 'n "reusagtige gemors" beskryf met uitstaande dienstegelede wat teen 2005 reeds meer as R26 biljoen beloop met Gauteng alleen R18 biljoen verskuldig. Ander metropole lyk die skuldvas soos volg:

Ekhulhuleni	R5,8 biljoen
Johannesburg	R8,9 biljoen
Kaapstad	R4.5 biljoen
Ethekwini	R3,3 biljoen
Nelson Mandela metropool	R900 miljoen

Hierbenewens het 126 (44%) van die 284 munisipaliteite nie hul finansiële verslae volledig en korrek ingehandig voor die sperdatum van 31 Augustus 2006 nie.

(Fitzpatrick, 2007: 11)

Gevolgtrekkings

- **Transformasie is een van die moeilikste modusse van verandering om suksesvol te bestuur met 'n uiters swak baanrekord soos aangetoon in geïdentifiseerde gevallestudies.**


- **Institusionele disfunksionaliteit in terme van die swakstaatverskynsel en patrone van politieke verval is die achilleshiel van transformasie pogings en aanwesig binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks.**
- **Beperkte suksesse is behaal in terme van dienslewering, swart bemagtiging en gender gelykheid.**
- **Vergelykende gevallestudies wys dat institusionele beperkings op staatskundige vlak, regime konsolidasie (partimoniale logika) bevorder en selfs eenpartytendense en diktatoriale regimes in die hand kan werk.**
- **Die plaaslike owerheidsbedeling (van deurslaggewende belang vir die voltoering van transformasie), hou ernstige risiko's in vir die sukses van die nasionale projek van transformasie!**

5.3 Veranderlike 3: Politieke ekonomie van Suid Afrika

Die vermoë van die ekonomie om te voldoen aan die polities-gemobiliseerde verwagtinge (vergelyk die *Huntington* tese soos vroeër bespreek) is van deurslaggewende belang vir politieke stabiliteit en die stand van demokrasie in Suid-Afrika.

Die volgende teoretiese raamwerk werp groter lig op aangeduide problematiek:

Diagram 11



Die Davies "J Curve" teorie van rewolusie (Davies,1971:372)

Dit blyk deesdae standaard prosedure en gevestigde tradisie te wees om voor verkiesings belofes aan ondersteuners te maak. Voor die 2004- algemene verkiesing het die ANC onder meer die volgende belofes gemaak:

- Die deel van die bevolking onder die armoedelyn sal gehalveer word van 48% na 24%.
- Werkloosheid sal halveer word van 42% na 21%.

(Terreblanche, 2004: 11)

Min twyfel bestaan oor die ekonomiese suksesverhaal (gemeet aan veral ekonomiese groei en lae inflasie) wat gevolg het sedert die ANC in 1994 die bewind oorgeneem het. In aansluiting by die transformasiesuksesse waarna vroeër verwys is, kan die volgende bygevoeg word:

- 'n Relatief lae inflasiekoers ($\pm 5 - 6\%$)
- 'n Ekonomiese groeikoers van gemiddeld 4,5% oor die laaste 8 jaar.
- Kapitale investering het toegeneem van 15,1% (2002) tot 19,2% (2006/7).
- Regeringskuld het van 43,9% (2002) afgeneem tot 24,3% (2006/7).
- 'n Miljoen werkseleenthede is tussen September 2004 en September 2006 geskep.

• *(Netshitenze, 2007: 30)*

Hierdie positiewe beeld word ongelukkig in die skadu gestel deur ander statistieke wat die donkerder kant van die prentjie skets:

- 12 Miljoen (61%) van die ekonomies aktiewe bevolking is werkloos of "underemployed".
- 6,2 Miljoen (73%) werkende swart Afrikane verdien minder as R2 500-00.
- 15 Miljoen (75%) van die ekonomies aktiewe deel van die bevolking is werkloos of verdien minder as R2 500-00 per maand.
- 54% van die 1,1 miljoen werkseleenthede wat tussen Maart 2003 en Maart 2006 geskep is, was in die informele sektor.

(Gqubule, 2007:1 - 3)

Die perspektiewe en statistieke van die bekende Ekonomoom, *Johan van Zyl (2006:5)* sluit hierby aan as hy daarop wys dat:

- Werkloosheid word op 40% geraam maar in sekere landelike gebiede tot so hoog as 80%.
- Oor die afgelope dekade het werksgeleenthede met 12% toegeneem, maar die ekonomies aktiewe bevolking met 'n reuse 35%.

'n Probleem wat deur verskeie ekonome en kommentators as Suid-Afrika se grootste ekonomiese uitdaging beskou word (en van kernbelang is vir politieke stabiliteit en demokrasie) is die steeds groterwordende gaping wat tussen ryk en arm bestaan.

Diagram 12 is 'n voorstelling van die ryk/arm situasie in Suid-Afrika soos beskryf deur *Terreblanche, A History of inequality in South Africa(2003)*.

Diagram 12

VERDELING VAN INKOMSTE	BEVOLKING IN MILJOENE
- Die bourgeois elite 72% van inkomste	: 7,5 (16,6%)
- Die petit bourgeois 17,2% van inkomste	: 7,5 (16,6%)
- Die hoër-laer klas 7,3% van inkomste	: 7,5 (16,6%)
- Die middel-laer klas	: 11,5 (25%)
- Die laer klas	: 11,5 (25%)

Die laaste twee kategorieë is 50% van die bevolking maar ontvang slegs 3,3% van die inkomste.


Die *Huntington* tese waarvolgens gemobiliseerde verwagtinge tot groter politieke deelname lei, terwyl 'n onvermoë van die stelsel om hierdie deelname te institusionaliseer tot politieke onstabieleit en selfs verval kan lei, het hier betrekking. Gemobiliseerde politieke verwagtinge van die gewone burgers, werkers, ensovoorts oorskry telkens die institusionele vermoëns van die staat en berei die terrein voor vir patrone van politieke onstabieleit byvoorbeeld die politieke verset op plaaslike regeringsvlak wat besig is om op 'n daaglikse verskynsel te word.

Verder is dit ook bekend dat ekonomiese groei ('n toename in die bruto binnelandse produk)⁷ in eie reg ook bydra tot groter gemobiliseerde verwagtinge. *Huntington (1991: 69)* beklemtoon in die verband dat ekonomiese groei

*...raises expectations, exacerbates inequalities,
and creates stresses and strains in the social
fabric that stimulate political mobilization and
demands for political participation.*

Wanneer 'n periode van ekonomiese groei egter nie volhoubaar is nie, maar die gemobiliseerde verwagtinge bly hoog, is dit 'n resep vir selfs nog groter politieke onstabiliteit met verreikende implikasies vir die demokratiese politieke bestel ook. 2007 het dan ook tot die grootste arbeidsonrus en stakings sedert 1994 gelei en berekeninge dui daarop dat oor die afgelope 6 maande daar reeds sowat 11 miljoen werksdae (bereken per persoon) verloor is. (Dit is reeds heelwat hoër as die 9 miljoen werksdae wat in 1987 verlore gegaan het en wat as 'n "hoogtepunt" in die tyd van die "struggle" voorgehou is!) (*De Lange, 2007:12*). Skematies (in aansluiting by die "J-curve") kan die Suid-Afrikaanse problematiek só voorgestel word:

⁷ Ekonomiese groei (verhoogde produksie in terme van goedere en dienste gemeet in terme van die BBP van 'n staat) is nie gelyk aan ekonomiese ontwikkeling nie. Ekonomiese ontwikkeling is kwalitatief, volhoubaar en geïntegreerd. Ekonomiese groei is telkens bevorderlik vir demokratisering terwyl ekonomiese ontwikkeling demokratiese konsolidasie in die hand werk.



Gevolgtrekkings

- **Ekonomiese groei, lae inflasie en werkskepping is deel van wat allerweë as Suid-Afrika se suksesverhaal voorgehou word.**
- **Die groterwordende gaping tussen ryk en arm (elite versus die massa) is 'n groot uitdaging en 'n resep vir politieke onstabiliteit en selfs rewolusie.**
- **Nie-volhoubare ekonomiese groei in samehang met gemobiliseerde verwagtinge is uiters gevaarlik vir politieke stabiliteit en demokratiese konsolidasie.**
- **'n Groterwordende gaping tussen gemobiliseerde verwagtinge en die vermoë om hieraan te voldoen het reeds tot ernstige patrone van politieke onstabiliteit (veral op plaaslike vlak) aanleiding gegee.**

5.4 Veranderlike 4: Menslike en sosiale kapitaal in Suid-Afrika

Die begrip sosiale kapitaal (social capital) is oorspronklik deur *Bourdieu* gebruik en dra verskillende betekenisse en selfs nog meer toepassings. Bourdieu (1983: 249) definieer sosiale kapitaal as

...the aggregate of the actual or potential resources which are linked to the possession of a durable network of more or less institutionalized relationships of mutual acquaintance and recognition.

Hier gaan dit wesenlik oor toegevoegde waarde in terme van netwerke van verhoudings, sosiale wisselwerking, vertroue en sosiale norme. In praktyk kom dit neer op die vermoë om hulpbronne (ook ondersteuning) te mobiliseer deur middel van sosiale netwerke.

Onderskeid kan getref word tussen "bonding social capital" (**sentrifugale sosiale kapitaal**) en "bridging social capital" (**sentripitale sosiale kapitaal**). Waar eersgenoemde meer eksklusief is in terme van byvoorbeeld ras, kultuur of klas, is laasgenoemde meer inklusief om ruimte te laat vir multikulturalisme en veelrassigheid in byvoorbeeld diepverdeelde samelewings. 'n Balans tussen eersgenoemde en laasgenoemde is belangrik vir beide politieke stabiliteit en die konsolidasie van demokratiese bedelings. In terme

van sosiale kapitaal in Suid-Afrika, is die volgende belangrik vir politieke stabiliteit/onstabiliteit asook die konsolidasie van demokratiese bedelings te wete:

- a) Sentrifugale versus sentripetale sosiale kapitaal.
- b) Neo-premordiale sosiale kapitaal.
- c) Subversiewe groepe.
- d) Die MIV/Vigs pandemie.
- e) Breinkwyn en vaardigheidstekorte.

a) Sentrifugale versus sentripetale sosiale kapitaal

Wanneer dit handel oor die prosesse van nasionale versoening wat met beide staatsbou en nasiebou te make het, is sentripetale sosiale kapitaal - die tipe wat brûe bou – van kernbelang. Die werklikheid is egter dat sentrifugale sosiale kapitaal soms veel sterker aanwesig is as wat die geval is met "brugbou kapitaal" in Suid-Afrika. Dit neem telkens die vorm aan van ras-, kultuur-, etniese- en stamlojaliteite van die een of ander aard. As motivering vir die toedrag van sake kan verwys word na:

- Die 1994, 1999 en 2004 algemene verkiesingsuitslae wat deurlopend die karakter van 'n rasgebaseerde sensus gehad het. (Vergelyk du Toit, 1999; Duvenhage,2005B: 19-41)
- Swartbemaatigingsbeleide en praktyke wat rasidentiteit wetlik in plek hou (Vergelyk *Hermann, 2007: 58 – 61*)
- Kulturele en etniese lojaliteite wat telkens met rasverdelings saamval.
- *Mbeki (1998: 4)* se twee nasie beskouing
...one white, relatively prosperous...The second and larger nation... black and poor..."
wat sanksie gee aan hierdie tipe verdelings binne die groter samelewing.
- Etniese en kultuur lojaliteite wat sterker op die voorgrond tree (*Ek doen dit in Afrikaans... "100% Zulu boy"*, die De La Rey fenomeen ens.)
- Weerstand in swart geleedere teen die sogenaamde "Xhosifikasie" van die samelewing.

Hierteenoor is die brugbou kapitaal aan te tref in die pogings van byvoorbeeld Universiteite om multikulturele omgewings te help ontwikkel, sportbemahtiging, versoening en samewerking vanuit kerkgeledere, en die optredes van talle burgerlike organisasies soos die Rooi Kruis, Ontwikkelingsinstellings en Welsynsorganisasies.

In teenstelling tot die brugbou kapitaal wat so duidelik polities aanwesig was tydens die Mandela era, het hierdie toedrag van sake drasties verander onder die Mbeki-bewind en is sentrifugale sosiale kapitaal soms meer prominent aanwesig. In sommige gevalle vertoon dit selfs neo-patrimoniale neigings.

b) Patrimoniale sosiale kapitaal:

Tye van ingrypende verandering soos wat Suid-Afrika die afgelope 13 jaar ervaar het, skep politieke vakuums wat deur ander akteurs en politieke netwerke gevul word. Hierdie toestand herinner sterk aan toestande van dinamiese ewilbrium, diseqwilbrium en selfs stelselinstorting wat vroeër binne die politieke verval raamwerk teoreties gemotiveer is. Hoewel nie uitsluitlik nie, kan hierdie vakuums gevul word met patrimoniale netwerke, subversiewe groepe en selfs vigilante groepe. Patrimoniale gesag (patron-client gedrewe) in samehang met rasioneel-wetlike praktyke (aangetref in burokrasieë) gee beslag aan 'n neo-patrimoniale hibriede konteks waarin eersgenoemde waardesisteem soms dominant is. *Bratton & van de Walle (1997: 61 – 63)* wys op die uiters belangrike rol wat patrimonialisme steeds speel op die vasteland selfs na die afsterwe van eerste generasie leiers na onafhanklikheid. Patrimoniale en neo-patrimoniale praktyke word verbind aan ten minste 40 Afrika state met Suid-Afrika geen uitsondering op hierdie reël nie. Hoewel hierdie tipe sosiale netwerke op alle regeringsvlakke voorkom, is dit veral sigbaar op 'n plaaslike vlak. In hierdie opsig het die leier van die opposisie in die Vrystaatse Wetgewer – *Roy Jankielsohn (2007: 3)* die toedrag van sake in die betrokke provinsie soos volg saamgevat:

...Honourable Speaker, wanneer 'n bankrot munisipaliteit soos Moqhaka-munisipaliteit waar dienste en infrastruktuur elke dag vererger, Mercedes Benze, kompleet met koelwerende venster, van meer as 'n miljoenrand vir politici bestel, is dit niks anders as krimineel nie...

Price Waterhouse Coopers het in 'n verslag oor Dihlabeng-munisipaliteit genoem dat transaksies waarin senior ANC-lede betrokke is, deur die polisie ondersoek behoort te word. Wat doen die ANC rondom dit? Hulle skors die munisipale bestuurder wat die ondersoek aangevra het en probeer die verslag wegsteek. Die DA moes die polisie vra om die saak te ondersoek...

Honourable Speaker, as long as the ANC allows networks of syndicates to run our municipalities and our provinces, our people will never be free from the scourges of HIV/Aids, poverty, unemployment, crime and corruption...

Honourable Speaker, the tyranny of the criminals, both inside government and on our streets, continues because good men and women keep quiet. If there are good men and women in the ranks of the ANC in this legislature and in the administration, you will no longer keep quiet. Your silence makes a mockery of all that Oliver and Adelaide Tambo stood for.

Die situasie wat hier voorgestel word, kan die weg voorberei vir die totstandkoming van subversiewe groepe en verbandhoudende optredes.

c) Subversiewe groeperings (Optredes):

Hierdie tipe optrede hou verband met pogings om owerheidsgesag te ondermyn deur van geweld (in die een of ander vorm) gebruik te maak. Die volgende klassifikasie werp lig op die onderskeie kategorieë wat hier ter sprake kom:

'N KLASSIFIKASIE VAN SUBVERSIEWE OPTREDES

LAAG
ORGANISA-
TORIES

"LYNCHING"

(MISDAAD IN VERSKEIE
VORME)

OPSTANDE EN
BETOGINGS

(SWAK
DIENSLEWERING VAN
PLAASLIKE
REGERINGS)

VIGILANTISME

PAGAD (1994 - 1998)

MAPOGA-A-MATHA
MAGA (- 2001)

"PEOPLES COURTS"

TERRORISME

POLITIES:
BOEREMAG
G FORCE (PAGAD)
QWIBLA (PAGAD)
ONTEVREDE KADERS

EKONOMIES: SINDIKATE
(GEORGANISEERDE
MISDAAD)

HOOG
ORGANISA-
TORIES

INDIVIDUEEL

KOLLEKTIEF

Vigilantisme verwys na die voorkoms van onwettige gewelddadige aksies (of dreigemente) gerig op individue deur selfaangestelde groeperinge in belang van "wet en orde" en in die afwesigheid (onvermoë) van die staat om 'n openbare orde in stand te hou. (Vergelyk *Swanepoel & Duvenhage, 2007: 5*). Op sy beurt verwys terrorisme na die aanwending van geweld in 'n kollektiewe sin ten einde ekonomiese of politieke voordele te bekom.

Alle subversiewe optredes ondermyn die gesag van die staat en is negatief vir patrone van politieke stabiliteit en die konsolidasie van demokratiese praktyke. In 'n heel ander opsig word politieke stabiliteit ook bedreig deur die MIV/Vigs pandemie.

d) MIV/Vigspandemie:

Baie is oor die onderwerp geskryf, statistiese ontledings verskil soms radikaal, maar konsensus bestaan oor die groterwordende negatiewe impak hiervan op menslike en sosiale kapitaal in die land. Volgens Pharaoh en Schönteich (2003:3) het Suid-Afrika 5 miljoen burgers wat MIV positief is (20,1% van die bevolking) en bykans een derde van die MIV-bevolking in Suider-Afrika (SADC SAOG streek). Die *Institute for Global Dialogue* (2002: 39 – 42) identifiseer die volgende uitkomstes van die pandemie in die SAOG streek:

- 'n Ontwikkelingskrisis in die streek
- Die uitwissing van gemeenskappe (In Botswana, Malawi, Mosambiek en Swaziland het die lewensverwagting reeds gedaal na bykans 40 jaar!)
- Veranderende demografiese strukture in die streek (4,7 miljoen wesies is in die streek as gevolg van die pandemie!)
- Verlaagde ekonomiese groei in die streek waar die MIV/Vigssyfer 20% oorskry (en 'n krisistyd, in terme van sterftes bereik word), word 'n afname van tot 2% van die jaarlikse groei van die BBP voorsien.
- Die ondermyning van orde, stabiliteit en sekuriteit in die streek wat reeds gebuk gaan onder probleme ten opsigte van voedselsekuriteit, armoede en onderontwikkeling.

'n Publikasie *Die geprojekteerde ekonomiese impak van MIV/Vigs in Suid-Afrika (2003 – 2015)* beklemtoon dat tot 12 miljoen Suid-Afrikaners kan sterf teen 2015 as gevolg van die pandemie (Van.Aardt, 2003)

In Kwazulu-Natal sal die lewensverwagting van 60 jaar in 1996 daal na bykans 33 jaar in 2010 en in die Oos Kaap tot 37 jaar.

Belangrik vir die studie is dat die impak van MIV/Vigs al sou die statistieke selfs as oordrewe beskou kon word) 'n negatiewe invloed hê op politieke stabiliteit, ekonomiese ontwikkeling en die konsolidasie van demokratiese bedelings. Dit sal ook 'n negatiewe uitwerking hê op die groot vaardigheidstekorte wat reeds ondervind word. (Van.Aardt, 2003)

d) Breinkwyn en vaardigheidstekorte:

In 'n kompeterende globale wêreld word die tendens van die verskuiwing van kundigheid ("brain drain" and "brain gain") algemeen in 'n wêreld waar vaardigheidstekorte die norm eerder as die uitsondering is. Wat Suid-Afrika aanbetref, is dit ongelukkig eerder 'n geval van breinkwyn as die omgekeerde met rampspoedige gevolge vir beroepsveide soos die van mediese dokters, verpleegsters, finansiële kundiges, ambagslui asook talle beroepe wat natuurwetenskaplike opleiding vereis.

Soos wat die geval is met vigs statistieke, is hierdie kategorie ook omstrede. Wat egter baie duidelik is, is dat vaardigheidstekorte binne die Suid-Afrikaanse ekonomie een van die grootste struikelblokke is om die ekonomiese groeiteiken van die regering van 6% per jaar te bereik. Statistieke beklemtoon die volgende:

Navorsing van die *Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseaangeleenthede* (SAIRR) wys daarop dat:

- 841 000 blankes (meestal tussen 20 en 39 jaar) die land sedert 1994 verlaat het. (*Van Aard, 2006; van Aard, 2006A:4*).
- Daar is tans 1 miljoen vakante poste in die ekonomie beskikbaar. (In die staatsdiens alleen is 21% poste vakant!)
- Solidariteit bereken dat daar bykans 600 000 poste vir geskoolde werkers in die ekonomie beskikbaar is (*Van Tonder & Ueckermann, 2007: 1*).
- 'n 100 000 Suid-Afrikaanse verpleegsters bevind hul in Brittanje alleen.
- 5 000 Suid-Afrikaanse onderwysers bevind hulself in Londen alleen.
- SciDevNet webwerf bereken dat 4 keer die amptelike syfer van 17 000 (dit wil sê 68 000) Suid-Afrikaanse wetenskaplikes die land tussen 1994 en 2001 verlaat het. (*Tancred, 2005: 21*).
- Ambagslui het afgeneem van 33 000 in 1975 tot 3000 teen die jaar 2000. (*Flip Buys van Solidariteit soos aangehaal deur Hermann, 2007: 79*.)

Bogenoemde statistieke beklemtoon dat die Suid-Afrikaanse ekonomie nie sy groeitekens kan bereik met bogenoemde vaardigheidstekorte nie. Trouens, 'n uitbouing van kapasiteite is uiters noodsaaklik om volhoubare ontwikkeling te verseker wat van deurslaggewende belang is vir politieke stabiliteit en demokratiese konsolidasie.

Gevolgtrekkings

- **Meer sentripetale kapitaal en minder sentrifugale kapitaal is nodig vir groter politieke stabiliteit en demokratiese konsolidasie.**
- **Die aanwesigheid van patrimoniale sosiale kapitaal en subversiewe optredes (veral netwerke) is negatief vir stabiliteit en ondermyn demokratiese waardestelsels en strukture.**
- **MIV/Vigs pandemie vernietig sosiale strukture, inhibeer ekonomiese groei en bevorder patrone van politieke onstabiliteit.**
- **Vaardigheidstekorte inhibeer volhoubare ekonomiese groei wat negatief terugwerk op politieke transformasie en regime stabiliteit.**

5.5 Veranderlike 5: Eksterne omgewing

In terme van die gewigte van veranderlikes word die eksterne omgewing as 'n minder belangrike invloedarea hanteer. Politieke stabiliteit en die stand van die ekonomie word egter nie uitsluitlik deur interne faktore (ook voorghou as determinante) bepaal nie. Trouens, die derde demokratiseringsgolf ('n groot aantal state wat sedert 1975 gedemokratiseer het) het juis die belangrikheid van eksterne faktore beklemtoon. In 'n era van globalisering is staatlke verhoudings sowel as verhoudings met nie-staatlke akteurs kompleks, konflikterend en uiters dinamies. Die kompleksiteit van hierdie invloedsaarea maak dat daar slegs op twee sake gefokus word naamlik:

- Suid-Afrika en die Afrika-vasteland.
- Ekonomiese investering in Suid-Afrika.

A) Vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief behoort die **"Nasionale Demokratiese Rewolusie"** se vergestaltung en veral transformasie, 'n uitvoerprodukt te wees en 'n raamwerk daarstel vir ontwikkeling en goeie regering (ANC, 1996: 15). Hoewel SAOG state vanuit die Suid-Afrikaanse hegemonie as primêr beskou kan word, strek dit wyer en impliseer dit ook die vasteland in sy geheel. Hierdie perspektief het dan ook vergestalt in die idee van 'n Afrika Renaissance, NEPAD en die Afrika Unie. (Onlangs was 'n belangrike besprekingspunt van die Afrika Unie juis 'n Verenigde State van Afrika). Sake wat vanuit hierdie raamwerk negatief inwerk op politieke stabiliteit en demokrasie sluit in:

- De-demokratiseringstendense in state soos Zambië, Malawi en Zimbabwe.
- Politieke onstabiliteit in state soos die DRK, Lesotho, Ivoorkus, Nigerië, Soedan en Somalië.
- Probleme in SADC-streek met betrekking tot armoede, die MIV/Vigsplandemie, onderontwikkeling en voedselsekureit.
- Disfunktionaliteit van state in terme van die voorkoms van sagte-, swak-, en ingeplofde state.
- Suid-Afrika se hantering van die Zimbabwe krisis en die bykans 3 miljoen Zimbabwiërs onwettig in Suid-Afrika.

Vanuit die groter Afrika-konteks het hierdie omstandighede 'n negatiewe impak op die politieke stabiliteit van die politieke omgewing met negatiewe implikasies vir demokratiese konsolidasie.

B) In die globale ekonomie is investering van groot belang vir ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling. Suid-Afrika se suksesvolle hertoetreding tot die internasionale gemeenskap na 1994, sy strategiese posisie met betrekking tot Afrika en bestaande ontwikkeling (in terme van kundigheid, infrastruktuur, ensovoorts) maak die land 'n ideale plek vir investering. Faktore wat egter negatief inwerk op investering sluit in: die hoë vlakke van misdaad in die land; negatiewe persepsies oor korrupsie in die land (soos onder meer gemeet deur *Transparency International*); oormatige politieke en administratiewe regulering en regstellende beleidsraamwerke.

Gevolgtrekkings

- 'n Relatief polities onstabiele Afrika met ontwikkelingsuitdagings en demokratiserings

- patrone is nie bevorderlik vir politieke stabiliteit en demokratiese konsolidasie in Suid-Afrika nie.**
- **Suid-Afrika se uiters gunstige internasionale posisie is bevorderlik vir investering maar word ïnhibeer deur hoë misdaadvlakke, negatiewe persepsies oor korrupsie en oormatige politieke en administratiewe regulering.**

Met die analisering van groot veranderlikes nou afgehandel en gevolgtrekkings gemaak, kan daar nou oorgegaan word tot die rekonstruksie van opsionele uitkomstes (Scenario's).

6 Scenario ontwikkeling: perspektiewe op pad na 2014

Met die eerste kernvraag waarvan die fokus die rekonstruksie van die sleuteldeterminante van politieke verandering (samestelling en samehang) in Suid-Afrika nou afgehandel), kan die tweede vraagstelling (die implikasies hiervan vir die toekoms van politieke stabiliteit en demokratiese konsolidasie) nou aan die orde gestel word. Dit sal gedoen word deur die makro-strategiese scenario's (soos vroeër gedefinieer) te ontwikkel.

Strategiese scenario's handel oor die identifisering van opsionele toekomste (rasioneel geklassifiseer) maar onderskeibaar van mekaar in terme van inhoud en fokus. Vir doeleindes van hierdie geskrif gaan daar onderskeid getref word tussen drie scenario's wat skematies soos volg voorgestel kan word:


Diagram 15

SUID AFRIKA OP PAD NA 2014

DIE SKOENLAPPER EFFEK

NKRUMAH SE KONINKRYK

DIE THERMIDOR EFFEK




'N KLASSIFIKASIE VAN SCENARIO'S OP PAD NA 2014

Wat struktuur en inhoud aanbetref, word scenario's geanaliseer en van mekaar onderskei in terme van die volgende kategorieë (soms voorgestel as teenstellings) soos afgelei vanuit die konstruksie van sleutelveranderlikes naamlik:

Staatsdinamika	versus	Regime dinamika
Politiese transformasie	versus	Politiese verval
Westerse staatslogika	versus	Neo-patrimoniale logika
Institusionele funksionaliteit	versus	Institusionele disfunksionaliteit
Demokratiese konsolidasie	versus	De-demokratisering

Diagram 16



Elkeen van die drie scenario's sal voorgestel word in terme van:

- Beskrywing en kontekstualisering.
- Basiese veronderstellings in terme van geïdentifiseerde kriteria.
- Uikomstes.

6.1 SCENARIO 1 (MIDDEL POSISIE)

Nkrumah se politieke koninkryk

*Freedom first. Seek ye first the political kingdom... for without political independence, none of our plans for social and economic development could be put into effect. Improvement in living conditions for the bulk of the people will not come until political power passes into their hands...
(Kwame Nkrumah)*

6.1.1 Beskrywing en kontekstualisering

Sentraal tot hierdie beskouing is dat politieke beheer en politieke mag in die hande van dié party die towerformule is om die samelewing (ekonomies en sosiaal) sodanig te verander dat 'n dramaties beter sosio-ekonomiese en politieke orde tot stand kan kom. In die gees van bevryding en 'n onderliggende rewolusionêre filosofie (voorgestel as politieke transformasie) heilig die aanwending van bykans enige politieke middel die spreekwoordelike doel en word politieke aksies geregverdig binne die konteks van die nasionale demokratiese rewolusie, bevryding, bemagtiging, verteenwoordigendheid ensovoorts. Soos wat die geval was met die koninkryk van Nkumah, is hierdie scenario oor die langtermyn nie volhoubaar nie. (Vandaar onder meer dié scenario analogie!)

Hierdie toekomspektief beklemtoon 'n staatkundige orde waarvan die politieke stabiliteit erodeer om toestande van dinamiese ewilibrum en selfs disequilibrum te bevorder – heel dikwels as gevolg van pogings om die bestaande politieke orde met gebruik van politieke mag radikaal te verander.

Hoewel sterk ideologies gedrewe, bestaan daar tog beperkte ruimte vir pragmatiese oplossings, kompromieë ensovoorts, solank as wat die magposisie van die politieke elite net nie hierdeur bedreig word nie. Wanneer steunverliese en weerstand teen die bewind na vore tree (die uhuru-fenomeen), word die rewolusie-ideale dikwels sterker beklemtoon, politieke vyande geïdentifiseer en radikale retoriek en simboliek beklemtoon.

Regime konsolidasie vind plaas teen die agtergrond van 'n verswakkende staat wat ook inhiberend inwerk op demokratiese praktyke en konsolidasie.

Die historiese kompromie in terme van sake soos meerderheidsverwagtinge versus minderheidsvrese, die tempo van verandering en die aard en werking van politieke strukture kom opnuut op die politieke agenda binne hierdie betrokke scenario.

6.1.2 Veronderstellings van die scenario

- Regime konsolidasie onder leiding van die ANC vind plaas en kontinueer verder in die toekoms. (Die staat word toenemend 'n verlengstuk van die regime onder leiding van die party!).
- Konflikte binne die raamwerk van die party/regime (met as fokus leierskap, ideologie en beleid) vererger en het 'n groter impak op politieke stabiliteit as soortgelyke konflikte binne die groter staatkundige raamwerk. (Die afdanking van Vusi Pikoli en die "beskerming" van Msimang en Selebi moet teen die agtergrond beoordeel word.).
- Soos wat reële politieke steun afneem (die uhuru-fenomeen), word retoriek (uitsprake, toesprake en heldeverering) sowel as simboliek (naamsveranderings, mitologisering en die oprigting van standbeelde) al hoe meer belangriker.
- 'n Neopatrimoniale logika (primêr gesetel in die regime) en 'n westerse staatkundige logika (gesetel in die groter staat) verkeer in 'n ongemaklike samehang wat konflikterend is en 'n tweeledigheid beklemtoon. (Vergelyk die teenstrydige hantering van byvoorbeeld Zuma en Travelgate en Oilgate).
- 'n Mosaïek van institusionele funksionaliteit en disfunksionaliteit wat patrone van dinamiese ewilbrium en selfs disekwilbrium in die hand werk is prominent. (Dit is meer staatkundig as party/regime gefokus. Vergelyk in die verband die funksionaliteit van die Reserwebank en SARS versus die disfunksionaliteite van Binnelandse Sake; Provinsiale en Plaaslike regering; en die Strafgestelsel.)
- Ekonomiese groei is nie direk herleibaar tot ekonomiese ontwikkeling nie, dra by tot groter

transformasieverwagtinge en plaas gevolglik groter druk op die regime.

- *Die skoenlapper* effek binne die raamwerk van die groter staat is bestuurbaar vanuit die party/regime en skadebeheer kan sodoende gedoen word.
- Eskalerende patrone van politieke konflik en geweld (soos wat tans aan die orde is op plaaslike regeringsvlak) dra by tot stedelike onstabiliteit (radikale praetorianisme) en sekurokrasiese intervensies word meer prominent. (Polisie optredes en die gebruik van die weermag in onlus situasies is hier ter sprake.).
- Die historiese ooreenkoms van 1994 (die nuwe grondwet) word toenemend as ontoereikend deur konflikterende partye geag met oproepe vir opvolg skikkings op politieke, ekonomiese en sosiale vlakke.
- Demokratiese inhoud word beperk terwyl demokratiese "vorm" gehandhaaf en selfs "uitgebou" word. (Die uitbouing is meestal slegs retories van aard!).
- Sentripetale en sentrifugale sosiale kapitaal is aanwesig, maar die momentum word sterker in die guns van laasgenoemde.
- 'n Beperkte ruimte bestaan (wat vorentoe nog meer beperk word) om situasies pragmaties te hanteer.
- Faktore soos 'n onstabiele eksterne omgewing, die impak van MIV/Vigs, die ryk/arm gaping en die misdaadgolf, in 'n kontekstuele sin, dra by tot patrone van sosiale, ekonomiese en politieke onstabiliteit.

6.1.3 Uitkomstes van dié scenario

Die politieke omgewing word op 'n inkrementele wyse meer onstabiel as gevolg van die komplekse samehang van geïdentifiseerde faktore.

Demokratiese konsolidasie word geïnhibeer deur regime konsolidasie, neo-patrimoniale tendense, politieke onstabiliteit, ekonomiese groei (sonder ontwikkeling) en spesifieke sosiale kondisies in die groter samelewing.

Verpolitisering van die samelewing werk praetoriaanse samelewingstoestande en groter sekurokrasering in die hand.

Toenemende konflik tussen 'n westerse staatslogika en 'n neopatrimoniale logika tree op die voorgrond met politieke onstabiliteit as 'n belangrike uitkoms.

Groeiende polarisasie as gevolg van die marginalisering van groeperings, neopatrimonialisme, politieke retoriek en simboliek, asook konflikterende interpretasies van historiese ooreenkomste.

'n Swakstaatsdinamika met kenmerke eie aan "politics of survival" ("the big shuffle; nonmerit appointments, dirty tricks") tree onder meer na vore. (Afdankings, skorsings, ens.).

Hierdie scenario is nie volhoubaar tot en met 2014 nie en sal vorentoe aan die **Skoenlapper effek** of **Thermidor effek** (die ander twee scenario's) beslag moet gee.

6.2 SCENARIO 2 (DIE SLEGTE SAAK SCENARIO)

Die skoenlapper-effek

The flapping of a single butterfly's wing today produces a tiny change in the state of the atmosphere. Over a period of time, what the atmosphere actually does diverges from what it would have done. So, in a month's time, a tornado that would have devastated the Indonesian coast doesn't happen. Or maybe one that wasn't going to happen, does.
(Stewart 1990:141)

"In the absence of government, life would be solitary, poor, nasty, brutish and short... Human inclination is vested in "a perpetual and restless desire for power after power that ceaseth only in death".
(Hobbes Leviathan 1946:)

Politics is a Hobbesian world of unrelenting competition among social forces – between man and man, family and family, clan and clan, region and region, class and class – a competition unmediated by more comprehensive political organizations.
(Huntington (1965: 411)

6.2.1 Beskrywing en kontekstualisering

Hierdie scenario projekteer 'n baie onstabiele politieke omgewing waarin demokratiese praktyke opgehou het om te bestaan en waarin "regime oorlewing" die grootste enkele prioriteit is. Hierdie omgewing reflekteer die kenmerke van 'n swak staat, en in sommige opsigte selfs 'n mislukte staat. Toestande van disequlibrium en selfs stelselinstorting kom voor met oorlewingspolitiek (Migdal;1988:33-41 se *Politics of Survival*) die norm eerder as die uitsondering.

Hoewel hierdie scenario met dieselfde veranderlikes werk as *Nkrumah se koninkryk*, veronderstel die *skoenlapper effek* versnelde verandering op die geïdentifiseerde terreine. Kombinasies van negatiewe veranderlikes veroorsaak 'n "krisis" van 'n soort wat stelselstabiliteit ernstig bedreig en selfs die voortbestaan van die stelsel in gevaar kan stel.

Versnelde verandering, politieke gebeure, insidente en politieke keuses veroorsaak die "*skoenlapper effek*" wat bestaande stelselpatrone ernstig kan ontstig. Regime-onstabiele eerder as staatkundige onstabiele is 'n noodsaaklike vereiste vir hierdie scenario waarin leierskapkwessies, die keuse van ideologiese beleidsrigtings en beleidstoepassing van die uiterse belang kan wees. Die huidige leierskapstryd binne die ANC kan bydra om die "skoenlapper effek" te bewerkstellig. (Ander potensiële *skoenlapper* effekte sluit in: "Neurenberg verhore", ander leierskapkonflikte, terreur aksies, die afsterwe van stabiliserende leierskap en politieke sabotasie.)

Hierdie scenario projekteer 'n baie onstabiele omgewing waar demokratiese praktyke opgehou het om te bestaan (dit mag wel op papier bestaan), praetoriaanse politiek in volle swang is en politiek 'n duidelike Hobbesiaanse karakter vertoon.

6.2.2 Veronderstellings van die scenario

- Regime oorlewing (en nie net regime konsolidasie nie) onder leiding van die party (ANC) domineer die politieke agenda.
- Eskalerende konflikte is prominent binne die groter staatkundige raamwerk maar bedreig ook die party/regime in terme van politieke leierskap, ideologie en beleidstoepassing.

- Retoriek en simboliek alleen is onvoldoende en word gekombineer met daadwerklike politieke aksie op terreine van strategiese belang (byvoorbeeld grondhervorming; regstellende aksie; die transformasie van die regbank en tersiêre onderrig).
- Die toenemende prominensie van 'n neopatrimoniale logika en die verswakking van 'n westerse staatslogika kom voor in 'n omgewing gekenmerk aan groter politieke onstabieleiteit.
- Stelseldisfunksionaliteite (patrone van politieke verval) neem toe, maar word beantwoord met robuuste ideologiese retoriek in 'n poging om regime onvermoë te verdoesel.
- Ekonomiese groei bereik ten beste 'n plafon, maar daal eerder, terwyl verwagtinge (politiees gemobiliseer) toe neem met groter druk op die regime en gepaardgaande patrone van politieke onstabieleiteit.
- Die "skoelapper effek" (in terme van gebeure byvoorbeeld leierskapstryde binne die regime) het die potensiaal om tot groot stelsel ontwigtings en onstabieleite by te dra (deterministiese chaos). Snelle politieke mobilisasie versus institusionele onvermoë, werk toestande van praetorianisme en selfs ontploffings van politieke deelname (rewolusie) in die hand. (Dit verwys na ernstige vorme van politieke onstabieleiteit met 'n onvoorspelbare karakter eienskappe.
- Die historiese ooreenkoms van 1994 in 'n omgewing van dinamiese en onstabiele politieke verandering word nie meer as bindend geag nie.
- Demokratiese filosofie en praktyk bestaan slegs teoreties met politieke praktyke wat al hoe meer eienskappe dra van swakstaat, stukkende state en vorme van praetorianisme.
- Sosiale kapitaal word meer en meer sentrifugaal gedefinieer met etniese, kulturele en rasgedrewe politieke mobilisasie wat die toneel oorheers.
- Politiek is bykans uitsluitlik ideologiese gefundeer met geen ruimte vir die pragmatiese hantering van die politieke situasie nie.
- Konflikterende faktore soos 'n onstabiele eksterne omgewing, die negatiewe impak van MIV/Vigs, die

ryk/arm gaping en die misdaadgolf hou bestaande patrone van politieke onstabiliteit verder in stand.

6.2.3 Uitkomstes van die scenario

- Die komplekse samehang van onstabiele faktore, die wyse waarop hul opgestel word en die aanwesigheid van snellermeganismes (*Skoenlapper* effek) dra by tot versnelde politieke onstabiliteit
- Regime oorlewing oordonder pogings om demokratiese praktyke in stand te hou.
- Die verideologisering van politiek en die verpolitisering van die samelewing is prominent in 'n politieke omgewing waar politieke onstabiliteit en sekurokratisering die toon aangee.
- 'n Neopatrimoniale regime logika, gefragmenteerde soewereiniteit en subversiewe optredes en gedrag tree sterker op die voorgrond.
- 'n Sterker groeiende polarisasie in die samelewing maak politieke konflik en patrone van geweld onafwendbaar.
- Destelselpatrone wat ooreenkom met disekwilibrum en chaotiese stelsels is prominent binne die Suid-Afrikaanse politieke omgewing.
- Politiek word toenemend 'n *Hobbesiaanse* verskynsel met 'n keuse van "absolutisme" (nie demokratiese regering) of chaos en anargie.

6.3 SCENARIO 3 (BESTE SAAK SCENARIO)

Die Thermidor effek

The constitution whose adoption we celebrate constitutes an unequivocal statement that we refuse to accept that our Africanness shall be defined by our race, colour, gender and historical origins.
(Thabo Mbeki: *I am an African* 1996.)

6.3.1 **Beskrywing en kontekstualisering**

Crane Brinton se klassieke werk *The Anatomy of Revolution* (1965) beklemtoon die patroonmatigheid van rewolusies [teen die agtergrond van sy ontledings van die Engelse (1640), die Amerikaanse (1774), die Franse (1789) en die Russiese (1917) rewolusies] soos aangetref in 'n aantal onderskeie fases. Wat die verloop van bogenoemde rewolusies betref het veral die vier fases betrekking, naamlik:

- die heerskappy van die gematigdes
- die heerskappy van die ekstremiste,
- die skrikbewind
- en die Thermidor.

(Vergelyk Brinton, 1965:121-147,148-175;176-204;205-236)

In Frankryk na 1789 het die afloop van die radikale oornamende skrikbewind aan die *Thermidor effek* beslag gegee. Die *Thermidor effek* laat die spreekwoordelike politieke pendulum terug swaai na 'n periode van groter rustigheid, stabiliteit en die normalisering van die politieke, ekonomiese en sosiale omgewings en hul onderlinge verhoudings. Die *Thermidor effek* verteenwoordig dus 'n belangrike kentering weg van politieke onstabiliteit eie aan die rewolusie na groter politieke stabiliteit, gematigheid en verdraagsaamheid.[Die Russiese Rewolusie (die belangrikste rolmodel vir die ANC) het nie 'n konvensionele Thermidor soos in Frankryk en die VSA ervaar nie, wat tot gevolg het dat in sommige kringe hierdie rewolusie as 'n "aaneenlopende skrikbewind" of "permanente rewolusie" beskou is. Dit is in lyn met wat in die Skoenlapper Scenario geprojekteer word.]

Anders as die *Skoenlapper effek* wat die politieke toekoms projekteer in terme van die oorgang van gematigheid na ekstremisme, beklemtoon die *Thermidor effek* die einde van

ekstremisme en die terugkeer na groter gematigdheid en politieke stabiliteit.

Die argument dat Suid-Afrika 'n onderhandelde skikking en nie 'n rewolusie gehad het nie, moet gekwalifiseer word vir doeleindes van hierdie analogie. Die beskouing van politieke transformasie as 'n bestuurde rewolusie (ook "revolution from above") asook die agenda van die nasionale demokratiese rewolusie regverdig die analogie wat hier veronderstel word.

Hierdie scenario projekteer die politieke toekoms van Suid-Afrika in terme van die *Thermidor effek* en die aanwesigheid van politieke gematigdheid, realisme en pragmatisme in die hantering van Suid-Afrika se komplekse sosiaal-politieke en sosiaal-ekonomiese vraagstukke.

Hoewel politieke stabiliteit en demokratiese konsolidasie ook nie binne hierdie scenario as 'n gegewe beskou word nie, word geargumenteer dat *Thermidor* kondisies bevorderlik is vir beide hierdie waardesisteme.

6.3.2 Veronderstellings van die scenario

- Regime vorming en konsolidasie word beperk binne die raamwerk van die grondwet en die groter staatkundige bedeling.
- Konflikte binne die raamwerke van onderskeidelik die staat en party/regime word bestuur met slegs beperkte onstabiliteit binne die groter stelsel. (Politieke onstabiliteit sal nooit heeltal uitgeskakel kan word nie.)
- Retoriek en simboliek reflekteer 'n gematigdheid en die vooropstelling van algemene belang en nasionale versoening.
- Neopatrimoniale belange en "logika" word begrens en beperk deur 'n westerse staatkundige logika en die proaktiewe bestuur van hierdie tweeledigheid. Stelseldisfunktionaliteit word proaktief en reaktief hanteer in belange van effektiewe en "efficient" regering. (good governance).
- Kondisies word geskep waarbinne ekonomiese groei bevorder word, dit volhoubaar bestuur word en minder verwagtinge geskep word wat politieke druk wegneem van die party/regime.

- *Die skoenlapper effek* word grootliks geneutraliseer met die doelmatige institusionalisering van strukture binne die staat, regime en party.
- Die verbetering van dienslewering, veral op plaaslike regeringsvlak, word vooropgestel om die politieke mobilisasie van ontevrede landsburgers sover moontlik uit te skakel.
- Historiese ooreenkomste soos dié van 1994 word pragmaties hanteer in terme van eise, probleme en konflikterende belange/verwagtinge.
 - 'n Demokratiese waardestelsel word vooropgestel en die grond word gelê vir demokratiese konsolidasie.
 - Aktiewe pogings word aangewend om sentripetale sosiale kapitaal suksesvol te mobiliseer vir doeleindes van staatsbou en nasiebou. (Dit word aanvaar dat ras, etniese en kultuurverskille nie sonder meer weg gewens kan word nie en proaktief bestuur moet word.)
 - Daadwerklike aksieplanne word van stapel gestuur om verskeie onstabiele faktore binne die groter konteks doelmatig aan te spreek en polities te bestuur.

6.3.3 Uitkomstes van die scenario

- Politieke onstabieleit en verbandhoudende patrone word proaktief en reaktief bestuur.
- Hoewel demokratiese konsolidasie nog nie bereik is nie, word omstandighede sodanig polities bestuur dat 'n grondslag vir konsolidasie gelê word.
- Staatsbou en nasiebou prosesse inhibeer neo-patrimoniale tendense binne die groter politieke stelsel en samelewing.
- Midde in 'n omgewing van polarisasie word die grond voorberei vir die bevordering van sentripitale sosiale kapitaal.
- Faktore wat 'n swakstaatsdinamika bevorder, word staatkundig bestuur en selfs omgekeer.


7 SCENARIO IMPLIKASIES, ONTLEDINGS EN DIE PAD VORENTOE

Al drie bovermelde scenario's beklemtoon die komplekse samehang van veranderlikes binne 'n politieke omgewing wat wissel van beperkte politieke onstabieliteit tot patrone van ernstige politieke onstabieliteit. *Nkrumah se politieke koninkryk* beklemtoon die inkrementele verslegting van patrone van onstabieliteit; die *Skoenlapper effek*, ernstige politieke onstabieliteit en verval; en die *Thermidor effek* politieke onstabieliteit wat proaktief en reaktief bestuur word. Vergelyk die volgende diagrammatiese voorstelling in terme van die teoretiese begroning van politieke verval:

POLITIEKE ONTWIKKELING

DIAGRAM 17

POLITIEKE VERVAL




'N ANALITIESE RAAMWERK VIR POLITIEKE VERVAL

Die politieke omgewings wat voorgestel en geprojekteer word, wissel van baie negatief vir demokratiese konsolidasie tot belangrike grondwerk wat gedoen sal moet word om suksesvolle konsolidasie te verseker.


Die konstruksie van veranderlikes beklemtoon dat *Nkrumah se koninkryk* nie volhoubaar is nie en dat dit vorentoe aan die *Skoenlapper effek* of aan die *Thermidor effek* blootgestel gaan word.

Skematies kan hierdie perspektief só voorgestel word:

DIE ONTPLOOIING VAN SCENARIO'S



ROETE VAN POTENSIELE VERANDERING



NIE-DEMOKRATIESE,
NIE-
GEÏNSTITUSIONALISEERDE
BEDELINGS

DIE
SKOENLAPPER
EFFEK

NKRUMAH SE
KONINGKRYK

GEÏNSTITUSIONALISEERDE
DEMOKRATIESE
NIE-
BEDELINGS
(PSEUDO-DEMOKRASIEË;
DELEGATIEVE DEMOCRACIES)

?

NIE-
GEÏNSTITUSIONALISEERDE
DEMOKRASIEË
(STATUS QUO)

DIE
THERMIDOR
EFFEK

GEÏNSTITUSIONALISEERDE
DEMOKRASIEË
(POLIARGIE-IDEAAL TIPIES)

DEMOKRATIES

ROETE VAN POTENSIELE VERANDERING

ONDEMOKRATIE



Die verwagting is dat middelposisie (*Nkrumah se koninkryk*) op die kort termyn gehandhaaf behoort te word. Die dinamiek binne veral die ANC (en ook die groter regime) maak hierdie scenario nie volhoubaar nie en dat Desember 2007 (die leierskap-verkiesing) die koers vorentoe kan bepaal. Ander *skoelapper* effekte wat die scenario kan beïnvloed is die verhouding van die triade naamlik regime, nasionale projek en ekonomiese groei/ontwikkeling, leierskapwisselings en politieke vakuums en omgewingsgedefinieerde krisis van die een of ander aard. Myns insiens bestaan daar meer getuienis dat die *Skoelapper effek* sterker gaan word as die *Thermidor-effek* hoewel laasgenoemde opsie nie heeltemal van die tafel gevee kan word nie.

In belangrike opsigte is die 4 kwessies, wat en tyde van die transformasie op die agenda gekom het, en waarvoor kompromieë gesluit is, steeds op die agenda, en kernbepalend vir beide die toekoms van politieke stabiliteit en demokrasie in Suid-Afrika. Die vier kwessies is:

- meerderheidsverwagtinge vs. minderheidsvrese;
- die aard, tempo en implementering van sosiale, politieke en ekonomiese hervorming (dus die uitvoering van die **"Nasionale Demokratiese Rewolusie"**);
- die institusionalisering van van politieke en demokratiese prosesse; en
- die aard en bestuur van die politieke ekonomie.

Min twyfel bestaan dat Suid-Afrika 'n beter toekoms binne die raamwerk van die *Thermidor* gaan kry as wat die geval gaan wees met die *Skoelapper*. Juis daarom moet daar konstruktief gewerk word aan faktore wat kan bydra tot die bereiking van die *Thermidor*.

8 Perspektiewe vir Politieke Wetenskap en die Noordwes-Universiteit

In 'n makro sin is Suid-Afrika tans vasgevang in komplekse en in sommige opsigte selfs 'n eiesoortige politieke veranderingsproses. Hierdie veranderingsproses word met konflikerende terminologie beskryf deur hierna te verwys as onder meer "politieke transformasie", "demokratisering", die "Nasionale Demokratiese Rewolusie" en selfs politieke verval! Hoewel die Suid-Afrikaanse veranderingsproses eiesoortighede akkommodeer, is dit geensins heeltemal uniek nie en vertoon dit belangrike raakpunte met die ervarings van talle ander state in terme van beide patrone van politieke stabiliteit/onstabiliteit sowel as demokratiseringspatrone of dalk die gebrek daaraan.

Die voorafgaande scenario-ontledings beklemtoon die aanwesigheid van patrone van politieke onstabiliteit en probleme (uitdagings) wat voorlê met betrekking tot demokratiese konsolidasie. Anders as die

Skoenlapper effek wat ernstige probleme voorsien ten opsigte van politieke stabiliteit (om nie eens van demokratiese konsolidasie te praat nie), wys *Thermidor* daarop dat dit nog nie te laat is om die spreekwoordelike skip weg te stuur van die rotse en terug te bring na die "veilige waters!" **Hoe kan Politieke Wetenskap in die algemeen en in die besonder Noordwes-Universiteit 'n bydrae lewer om die skip na "veilige waters" te help stuur?**

Reeds tydens 1968 het *SP Huntington* gewys op die behoefte aan die verstaan en skepping van politieke orde deur middel van institutionalisering in die "nuwe" state van die wêreld. Hy (1968 : VII) wys daarop

Just as it is possible for economists to analyze and to debate, as economists, the conditions and policies which promote economic development, it should also be possible for political scientists to analyze and to debate in scholarly fashion the ways and means of promoting political order, whatever their differences concerning the legitimacy and desirability of that goal.

Die vraag is egter hoe moet só 'n orde en gepaardgaande struktuur lyk? Is dit uitsluitlik westers-staatkundig demokraties of kan dit ook 'n ander struktuur en vorm aanneem? Hier gaan dit wesenlik oor waardes en waardestelsels en hoe dit herlei moet word na politieke struktuur. "n Behoeftes wat onder meer bestaan is om orde en struktuur binne 'n nie-westers-staatkundige omgewing te verstaan en hoe demokratiese waardes (indien wel) binne sodanige omgewings funksioneer. Politieke Wetenskap in die algemeen en in besonder aan Noordwes-Universiteit kan hier 'n bydrae maak – veral tot die verstaan van die verandering van "stelsels" as "stelsels" soos vroeër deur *Talcott Parsons* beklemtoon. Die verstaan van verandering binne 'n "neopatrimoniale hibriede raamwerk" kan hier as 'n prioriteit beklemtoon word.

Tweedens kan verandering en politieke verandering nie binne die raamwerk van 'n enkele dissipline verstaan word nie, en is 'n transdissiplinêre benadering hier baie nodig - ook wat scenario-ontledings aanbetref. Die Skole-struktuur gee hier aan Noordwes Universiteit 'n belangrike strategiese voordeel wat tans bykans glad nie benut word nie. Die onderskeie Skole wat binne die raamwerk van die Fokusarea funksioneer, is goed geplaas om aan hierdie behoefte te voldoen terwyl die vertrekpunt van transdissiplinariteit van nagraadse programinhoudes 'n belangrike onderbou hiervoor kan verskaf.

Waardetoevoeging en kapasiteitsbou in terme van gehalte onderrig (nuut gefokusde programinhoudes), navorsing (met as fokus sake soos sosiale, politieke en ekonomiese verandering) en samelewingsdiens (samelewings-betrokkenheid) moet prioriteit geniet. Wat nagraadse onderrig aanbetref, is die Fokusarea en Skole tans besig om die nagraadse bedeling indringend te hersien met as fokuspunkte,

Regeerkunde en Transformasie, Volhoubare Ontwikkeling, Openbare Bestuur asook Rampbestuur. Fokuspunte binne hierdie nagraadse kursusse moet dien as raamwerk vir navorsingsspesialisasie en samelewingsdiens. Die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies in samewerking met die Fokusarea is tans ook betrokke by beplanning vir bestuursopleiding binne die SAMDI raamwerk wat kan meehelp tot die bevordering van goeie regering in die algemeen en dienslewering in die besonder. Die beoogde *Sentrum vir Rampbestuur* lewer reeds 'n besondere bydrae tot navorsing op die terrein en veral Rampriskovermindering. Hierdie inisiatiewe is nie net van akademiese waarde nie, maar kan ook bydra om die Universiteit op 'n nasionale en provinsiale vlak gunstiger te posisioneer ten opsigte van die groter politieke omgewing.

As 'n waardegedrewe Universiteit met die beklemtoning van sake soos *menslike waardigheid, vryheid, gelykheid en geregtigheid* kan die instelling belangrike grondslae lê vir die bevordering van 'n waardestelsel wat kan meewerk tot politieke stabiliteit, demokratiese konsolidasie en goeie regering. Hierdie waardestelsel en sy manifestering binne die Suid-Afrikaanse samelewing is van wesenlike belang vir die bereiking van *Thermidor*. Slegs dan kan die visie van *L J Du Plessis (1960)* gedeel word naamlik:

Futiel, nietig, blaaskrakerig, teleurstellend en ook skrikwekkend is ons tyd, maar ook ontsaglik, verruimend en onbegryplik hoopvol. Die Geskiedenis is besig om sy sin oop te dek van die begin tot die einde toe; en ons begin in hierdie tyd vaagweg sy volle betekenis verstaan.

BIBLIOGRAFIE

Ake, C. 1974 Modernization and political instability: a theoretical exploration. **World Politics**, 26(4):576-591

ANC 1996 The state and social transformation.
<http://www.anc.org.za/ancdocs/policy/s&st.html>

ANC 1997 Cadre Policy and Deployment Strategy
<http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo/articles/cadrepolicy.html>
(besoek op 2007/07/09)

ANC 1997A Draft strategy and tactics of the African National Congress.
<http://www.anc.org.za/ancdocs/discussion/strat97.html>

Anstey, M. 1991 Negotiating conflict. Cape Town: Juta.

Ball, A. R. 1983 Modern politics and government. London: Macmillan.

Bill, J. A.; Hardgrave, R. L. 1970 Comparative politics: the quest for theory. Columbus, Ohio: A Bell and Howell.

Binder, L., Coleman, J. S.; Lampalombara, J., Pye, L. W., Verba, S., Weiner, M. (eds). 1971 Crises and sequences in political development. Princeton: Princeton University Press.

Bosman, F. 2007 Grondhervorming: 'n Kontekstuele analise. Kaapstad: FW de Klerk stigting.

Bourdieu, P. 1983 "Ökonomisches Kapital, kulturelles Kapital, soziales Kapital" in Soziale Ungleichheiten (Soziale Welt, Sonderheft 2), edited by Reinhard Kreckel. Goettingen: Otto Schwartz & Co. pp. 183-98. The article appears here in English translated by Richard Nice.

Bratton, M., Van de Walle, N., 1997 Democratic experiments in Africa: Regime transitions in comparative perspective. Cambridge: Cambridge University Press

Brinton, C. 1965 The Anatomy of Revolution. New York: Prentice Hall

Clapham, C. 1985 Third World Politics: an introduction. Croom Helm Ltd. Provident house Burrellrow, Bekenham Kent.

Davies, J. C. 1971 Toward a theory of Revolution in Issues in Comparative Politics edited by Jackson, R.J. ; Stein, M.B. New York: St Martins Press

De Bruin, W. 2005 Gemeenskapskoerante "het 'n belangrike rol in verkiesings" in **Sake-Beeld** 26 September :20

- De Lange, J. 2007 Private sektor bult staking-spiere in **Sake Beeld** Maandag 9 Julie :12.
- De la Roche, R. S. 1996 Collective violence as social control. **Sociological Forum** 11(1): 97-128
- Desch, M.G. 1996 War and strong states, peace and weak states. **International Organization** (50) 2: 237-68.
- Du Toit, P. 1999 The South African voter and racial census 1994 **Politeia** 18(2): 18-37.
- Duvenhage, A. 1992 Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye – 'n analise van Huntington se denke. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 17(2): 20-59.
- Duvenhage, A. 1995 Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye – 'n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van SP Huntington se teoretiese bydrae. Bloemfontein. (Ph.D-proefskrif – UV).
- Duvenhage, A. 1998 Die krisis van die nasiestaat. **Acta Academica** 31(3): 1-35.
- Duvenhage A. 1998A Democratisation as a Phenomenon in World Politics: An African Perspective. In **Africa Quarterly** 38(2) 1-27
- Duvenhage, A. 2003 Politieke verval as 'n patroon van politieke verandering: 'n Teoreties verkenende perspektief. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 28(3): 44-71.
- Duvenhage, A. 2004 Keerpunt in SA? Die Vrystaat se September-revolusie **Die Volksblad** 2 Desember : 10.
- Duvenhage, A. 2005 Strategic Political Planning (Studiegids vir MGT 742 soos aangebied by Universiteit van die Vrystaat).
- Duvenhage, A. 2005A Politieke transformasie- 'n konseptuele oriëntering en Suid Afrikaanse toepassing. In **Acta Academica** 2005 37(3):1-40.
- Duvenhage, A. 2005B The post-election political environment:a Critical assesment. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 29(3): 19-41.
- Duvenhage, A. 2006 Die Leierskapstryd binne die ANC. **Woord en Daad no. 398**
- Easton, D. 1965 A systems analysis of political life. New York: Alfred A Knopf (1st ed.).
- Easton, D. 1965a A framework for political analysis. Englewood Cliffs, New York:Pretince Hall.

Easton, D. 1967 The political system- an inquiry into the state of political science. New York: Alfred A Knopf (8 th ed.).

Eisenstadt, S. N. 1964 Institutionalization and change. **American Sociological Review** 14:235-247.

Ferguson, P. A. 2006 The Politics of Regime Change in a Global Era.(In ed Dyck, R. 2006 Studying politics-an introduction to Political Science. Toronto: Thompson 349-371.)

Fitzpatrick, M. 2007 Waar daar nie 'n wil is. **Beeld**, 9 Januarie :11.

Geldenhuis, D. 1999 Staatsverval. **Politeia** 18(2): 37–56.

Giliomee, H. B. 1998 South Africa's emerging dominant-party regime. **Journal of Democracy** 9(4): 128-142

Gqubule, D. 2007 Mbeki's slash-and-burn macro economic policy. **Business Times**, , 4 March 2007
<http://www.sundaytimes.co.za/article.aspx?ID=401798>

Gumede, W. M. 2005 Thabo Mbeki and the Battle for Soul of the ANC; Cape Town : Zebra Press ; [London : New Holland, distributor] .

Herbst, J. 1996/7 Responding to state failure in Africa. **International security** 21(3): 120–144.

Hermann, D. 2007 Die keiser is kaal: Waarom regstellende aksie misluk het. Protea boekhuis: Pretoria

Heywood, A. 1997 Politics, London: Macmillan.

Hobbes, T. 1946 Leviathan. Oxford: Basil Blackwell.

Human, P. 1998 Yenza: a blueprint for transformation. Cape Town: Oxford University Press.

Huntington, S. P. 1965 Political development and political decay. **World politics** 17(2): 386–430.

Huntington, S. P. 1968 Political order in changing societies. London: Yale University Press.

Huntington, S. P. 1991 The third wave: democratization in the late twentieth century. London: University of Oklahoma Press.

Institute for Global Dialogue. 2002 Southern Africa 2020. Five scenarios. Johannesburg: Friederich Ebert Stiftung.

IRIN 2006 Suid-Afrika en bure se akute mediese breinkwyn net vlietend verlig. **Rapport** 20 Augustus:17

Jackson, R. H. ; Rosberg, C. G. 1982 Why Africa's weak states persist: the empirical and juridical in statehood. **World Politics** 35(1): 1-24.

Jankielsohn, R. 2007 Speech delivered by Roy Jankielsohn MPL leader of the opposition Free State Legislature 19 February 2007

Jennings, M. 2002 Almost an Oxfam in itself: Oxfam, Ujamaa and development in Tanzania. **African Affairs** 101: 509-30.

Kaplan, R. D. 1994 The coming anarchy. **Atlantic Monthly** 279(2): 21-34.

Kaplan, R. D. 1999 The coming anarchy: shattering the dreams of the post cold war. New York: Vintage Books.

Karl, T. L. 1990 Dilemmas of democratization in Latin America. **Comparative Politics** 23(1): 1-21.

Kaufman, D.; Kraay, A.; Mastuzzi, M. 2003 Governance Matter III: Governance indicators for 1996-2002 www.worldbank.org.

Krasner, S. D. 1983 International regimes. Ithaca, NY: Cornell University Press.

Lodge, T. 2003 ANC factionalism: curse or blessing? **Focus** 1st Quarter (29):26-9.

Lodge, T. 1999 South African politics since 1994. Cape Town: David Phillip

Louw, L. 2004 Diktators se stoeledans. **Beeld** 4 Maart: 11.

Matshiqi, A. 2007 ANC needs an extreme makeover to chart a new future. **City Press** 24 June :27

Mazrui, A. A. 1995 The blood of experience: the failed state and political collapse in Africa. **World Policy Journal** (9)1: 28-34.

Mbeki T.M. 1998 Statement of Deputy President Thabo Mbeki at the Opening of the Debate in the National Assembly, on "Reconciliation and Nation Building, National Assembly Cape Town, 29 May 1998

Mbeki: T.M. 1996 I am an African (speech on the adoption of The Republic of South Africa Constitution Bill by the National Assembly, 8 May 1996)

Merkel, P. H. 1977 Modern comparative politics. Hinsdale: Dryden Press (2nd ed.).

Migdal, J. S. 1988 Strong societies and weak states: state-society relations and state capabilities in the Third World. Princeton: Princeton University Press.

Netshitenze, J. 2007 Report lets us in on SA's development indicators. **City Press** 24 June 2007 :30

Palmer, M. 1989 Dilemmas of political development: an introduction to the politics of the developing areas. Ithaca, IL: Peacock.

Parsons, T. 1951 The social system. London:Routledge.

Pempel, T. J. 1990 Uncommon democracies: The one party dominant regime. Ithaca: Cornell University press

Pettee, G. S. 1971 The process of revolution. New York: Howard Fertig.

Pharoah, R.; Schönteich, M. .2003 Aids, security and governance in Southern Africa: Exploring the impact. **Institute for Security Studies. Occasional Paper** No.65. January.

Przerworski, A. 1988 Some problems in the study of the transition to democracy.(In Schmitter, P. G.; O'Donnel, G.eds. 1988. Transitions from authoritarian rule: tentative conclusions about uncertain democracies. London: Johns Hopkins University Press: 47-63.)

Pye, L.W. 1966 Aspects of political development. Boston:Little brown

Rademeyer, A.; De Lange, L. 2005 Belofte maak skuld-Nie-lewering, korrupsie olie vir brandende bande **Beeld** 7 Junie :13.

Rossouw, M. 2007 Wie nie wil hoor, moet maar voel. **Beeld** 17 Julie 15.

Rustow, D. A. 1970 Transitions to democracy-toward a dynamic model. **Comparative politics**: 2(April):337-373

Schlemmer, L. 2005 Insidious forces that threaten democracy. **Focus**. Issue 38 second quarter.

Schmitter, P. G.;O'Donnel, G. 1988 Transitions from authoritarian rule: tentative conclusions about uncertain democracies. London: John Hopkins University Press.

Senwes. 2004 Korporatiewe inligting: Swart ekonomiese bemagtiging. <http://www.senwes.co.za/afr/korporatief/seb/grondhervorming.asp> (besoek 2007/07/10)

Slabbert, F. v. Z. 2006 The Other Side of History: An anecdotal reflection on political transition in South Africa Jeppestown: Jonathan Ball Publishers.

- Southall, R. 1996 Remaking a dominant party state. **African Affairs** 72(375)
- Spencer Jones, J. 2004 South Africa's brain drain underestimated. **Scidev.net**
<http://www.scidev.net/News/index.cfm?fuseaction=readNews&itemid=1239&language=1> (besoek 21/11/2006).
- Stewart, I. 1990 Does God play dice? The Mathematics of chaos. Blackwell Publishers
- Swanepoel, M. P.; Duvenhage, A. 2007 Vigilantism as a feature of political decay: Tendencies and case studies in the post-1994 South African political dispensation. (Article accepted for publication in **Acta Academica**).
- Tancred, E. 2005 Baie geskooldes wil die land verlaat: **Rapport**: 10 Julie: 21
- Terreblanche, S. J. 2007 Mag en onverdiende rykdom in SA. **Die Vrye Afrikaan saam met Le Monde Diplomatique** 16 Februarie Jaargang 4 no.1)
- Terreblanche S. J. 2004. Hold the challenge. **This Day**: 29 April: 11.
- Terreblanche S. J. 2003 A History of Inequality in South Africa 1652-2002. Pietermaritzburg: University of Kwazulu Natal Press
- Toffler, A. 1990. Power shift: Knowledge, wealth and violence at the edge of the 21st century. New York: Bantam Books.
- Van Aard, P. 2006 Million whites leave SA-study (ontrek vanaf www.fin24.co.za)
http://www.news24.com/News24v2/Components/Generic/News24v2_Print_PopUp_Article/0,,1518-25_2003186,00.html
- Van Aard, P. 2006A Hele geslag wit mense verlaat SA: **Rapport** Sondag 24 September 4
- Van Aardt, C. 2003 Die geprojekteerde ekonomiese impak van MIV/Vigs in Suid Afrika 2003-2015. **Bureau for Market Research, Unisa, Report 325**. Pretoria: Unisa.
- Van Creveld, M. L. 1991 The transformation of war. New York: Simon and Schuster.
- Van Tonder, J. 2007 Staat se gesloer laat ekonomie ver agter raak. **Sake Rapport** 13 Mei:1
- Van Tonder, J. ; Ueckerman, H. 2007 Miljoen vakante poste in SA. **Sake Rapport** 1 April 2007:1

Van Zyl, J. 2006 Ekonomie rubriek: Raamwerk vir 'n gemeenskaplike toekoms. **Die Vrye Afrikaan saam met Le Monde Diplomatique** 20 Oktober Jaargang 3 no.15

Weber, M. 1964 The theory of social and economic organization. New York: Free Press.

Welsh, D 2003. The quality of our democracy. **Focus** 29: 5-7.

Wikipedia 2007 Definition of Chaos Theory
http://en.wikipedia.org/wiki/Chaos_theory.

Wikipedia 2007A Definition of Scenario <http://en.wikipedia.org/wiki/Scenario>.

Wilkenson, L. 2007 How to build scenarios
<http://www.wired.com/wired/scenarios/build.html> (Ontrek 2007/09/09).

Youens, B. 2003 Local government as the focal point of delivery. **Focus** 30: 18–21.

Young, O. R. 1968 Systems of Political science. New Jersey: Englewood Cliffs.

Zartman, I.W. 1995. Introduction: posing the problem of state collapse. (In: Zartman, I. W. (ed.). Collapsed states: the disintegration and restoration of legitimate authority. Boulder, Colorado: Rienner. 1–4.)

Zolberg, A.R. 1966. Creating political order: the party states of West Africa. Chicago: Mcnally